Oortuig En Dan Besorg

Laat ons ons hoofde buig voor ons enigsins verder gaan. Gaan voort daarmee, Suster Anna Jeanne, as jy sal, en broer. Eendag het daar teen 'n heuwel, 'n Vreemdeling vir die mense, afgekom. Afgekyk op 'n toneel na 'n—'n groep mans wat Hy georden het om duiwels uit te dryf, die siekes te genees, en Hy het hulle gevind, oorwin deur 'n epileptiese geval.

Miskien het Johannes gesê: "Hier's die manier wat ons dit oorkant in Kapernaum gedoen het."

Die ander een het gesê: "Hierdie is die manier wat ons dit op 'n ander plek gedoen het." Maar daar was geen resultate nie.

2 En die vader van die kind het gekyk, en hy het Iemand sien aankom. Hy het gehardloop, neergeval. Hy het gesê: "Here, ek het my kind na U dissipels toe gebring, en hulle kon hom nie gesond maak nie." Gesê: "Kan U enigiets vir hom doen?"

Hy het gesê: "Ek kan, as jy glo." Daardie selfde Een was met ons. Hy is met ons vanmôre. "Ek kan, as jy glo." Um-hum.

3 Ons Hemelse Vader, in die gewydheid van hierdie diens, in die wete dat die God wat ons aanbid, nie 'n—'n afgod is, soos die heidene die afgod sou neem en voor dit neerval, en van 'n denkbeeldige god, en glo dat 'n—'n denkbeeldige stem na hulle toe kom, dat hy homself in 'n afgod in gehipnotiseer het nie.

4 Watter vreemde ding is dit vir die duiwel om so-iets te doen, wanneer God, in der waarheid, 'n Gees is, dat Hy nie in 'n afgod inkom nie, maar Hy in lewende menslike wesens inkom en Sy eie Woorde deur die mens spreek. En ons is Sy lewende afbeeldings, geskape na Sy beeld, en vir Sy werk, en tot Sy eer.

5 En ons sien die siekes en beproefdes rondom ons. Dan, Here, voel ons—ons dat ons ydel was met die werk. Daar iewers iets wat ons nodig het, Here. Gee dit vanmôre vir ons, sal U, Vader? Om te staan, te luister na hierdie dierbare broer wat praat van iets wat hulle jare gelede gehad het, in—in daardie Azusastraat-dienste. Hy was die kleinste mannetjie daar, wou onder 'n bank inkruip.

6 God, ek wens ek kon dit weer sien gebeur, waar almal, en mense nie. . . nie groot wees nie, maar klein wees, hulleself verneder. God, stuur dit weer vir ons in ons dae. Ons het oplewing, en lidmaatskap, ensovoorts. Maar ons—ons wil Jesus hê. Ons wil U hê, die Gees wat ons weet hier saam met ons vergader is vanmôre. Ons wil U binne-in ons hê, Here. Ons wil onsself uit hê. Ledig ons, Here, en vul ons met U Teenwoordigheid. Maak ons harte nederig, en ons sal U loof.

7 Nou, ons is vergader, Vader, vir gemeenskap rondom die Woord. U is die Woord. En ons bid dat U Uself sal verdeel onder ons vanmôre en ons een van hart sal maak, met een doel. Om die Koninkryk van God se ontwil, vra ons dit in Jesus' Naam. Amen.

Mag maar sit.

8 Partymaal wanneer ek sulke getuienisse hoor soos ek die voorreg gehad het om omtrent vyf minute na te luister vanmôre, wens ek—ek dat ek daardie broer net kan sê om terug te kom hiernatoe, en dat ek net daar kan sit en daarna luister. Sien? Hy praat van presies dieselfde ding wat ek weer hier wil sien gebeur, ek wil, uh-huh. Die man vertel net wat was, en ek probeer, sê: "Laat ons dit weer hê." Nou, dis net—dis net dit.

9 Wel, soos ons broer gesê het, daar's geen mens wat dit kan bring nie: neem God. En ons kan dit nie doen tot God dit vir ons doen nie. Dis reg. Dit neem God. Daar's die al die skole, en al die predikers, en al ons opleidings, en al ons denominasies, en maak nie saak hoeveel ons ons hande geskud het en in eenheid probeer kom nie, en dit—dit sou alles reg wees, dit sou goed wees, maar dit neem God om so-iets te bring. Dit alleen. God bring dit.

10 Ek wil . . . Hierdie is Sondagskool, en, o, Sondagskool preek ek gewoonlik nie langer as drie of vier ure nie, en so ek . . . Ons het baie tyd vanmôre, en ek—ek wil net graag sê ek het party van die tabernakelmense hieronder gesien. Ek kon hulle nie te siene kry nie, en ek, of, met hulle praat nie, maar ek begin nou vanmôre, terwyl hierdie 'n ander soort lig is, nie 'n kunsmatige lig nie, dis 'n lig vanaf die son, ek sien sommige van my vriende wat ek, my eerste keer wat ek sien, ek sien vir Broer Welch Evans en sy vrou wat daaragter sit, en familie, vanaf Tifton, Georgia. Elke keer wat ek by die tabernakel preek, ry daardie man 'n rit van vyftienhonderd myl, hy en sy familie, elke Sondag, om die Evangelie te hoor. Broer Welch, ek wil net hê, jy en Suster Evans, familie daar, moet net 'n oomblik opstaan. Vyftienhonderd myl . . . Dankie.

11 Ek onthou baie goed die eerste keer wat ek vir Broer Evans gesien het. 'n Broer Mercier het gesê: "Daar is 'n man wat jou wil ontmoet in die oggend." Ek was in Filadelfia en . . . toe dit gebeur het, en toe ek opgestaan het uit die bed, het ek die man gesien. En hy's soort van 'n sportman, hou daarvan om vis te vang. En ek het hom 'n oortreding sien begaan. So die oggend wat ek hom ontmoet het, het ek vir Meda daarvan vertel.

Sy het gesê: "Jy sal nie dit vir daardie vreemde man sê nie."

Ek het gesê: "Ek sal eers uitvind wat hy is."

12 So dan, na ek met hom gepraat het, gesien het hy's net 'n opregte kêrel, het ek gesê: "Sê, jy was net onlangs op 'n visvang uitstappie agter, soort van in 'n moeras-delta. Jy het 'n hele sal vol vis gehad, en jy moes hulle drie keer wegsteek, om hulle weg te hou van die wildbewaarder." Goeiste.

Gekyk, gesê: “Ja, meneer. Ek—ek . . .” Wat—wat hy he- . . . gewonder wat ek sou sê.

Ek het gesê: “Daar’s net een versoek: Sal jy my soontoe neem om te gaan visvang?”

13 Sy broer is gebyt deur ’n slang daaragter, wat ’n grondratelslang is. Ek weet nie of hulle hulle hier in Louisiana het of nie. En hy’s ’n nare dingetjie. En daardie seun, gehospitaliseer, hy’s nie ’n Christen nie, jonk, bietjie jonger as Broer Evans hier, en hy moes ’n stut aan sy been kry—moes op ’n hoepel loop, maande lank.

14 En so, reguit terug in dieselfde plek, julle weet, die Here het my soort van gesê, gaan terug soontoe, en ek—ek het van die mooiste baars gevang (O, goeiste!), yslike groot kêrels. Ek ek het een baie grote aangehad, het hom probeer uitkry (met ’n hommelby kuns-aas, julle weet), en so, en hy was *so* groot, sy mond omtrent soos *dit*, en daardie klein hommelbytjie daarin. Hy sou reg op sy stert staan (julle vissermanne weet), en hy sou daardie ding uitklap. Jy moet dit net vashou. As jy nie, trek jy dit uit, en bietjie moeilik. Hy was kwaai, en ek het dit teruggegooi, en het hom drie of vier keer aangehad. Hy sou ’n twaalf, veertien, pond vis gewees het.

15 So broer Evans het my gesien en . . . O, hy’s net ’n goeie plattelander, julle weet; het sy broekspype opgerol gehad, want hy het nat geword. En so hy het gesê: “Hy moet ou Groot Jim wees.”

Ek het gesê: “Hoe moet beslis wees.” So ek het weer uitgegooi, en ek—ek het een gekry.

Hy het gesê: “Dis hy.”

Ek het gesê: “Nee, nou nie heeltemal hy nie.” Dit was ’n mooi baars.

16 En ons het pistooltjies aan ons sy gedra, want jy moet jou pad deur alligators en—en katoenbekke veg om daar in te kom, net moeras, sewentienduisend akker op hierdie plaas. En dit was . . . ’n Dreinering-sloot het deurgegaan, en daardie . . . jare gelede, en dis waar ons visgevang het.

17 En so, ons moes deur water loop en alles om daar in te kom, en gators, slange, net by die hope. En so, sou ons ’n paal neem, en rondbeweeg. As ons ’n—’n grondratelslang sien, hom net geskiet, en dan net aangestap in die water, sien, verder gegaan, want hy sou bo-op die lelie lê, of iets, opgekrul, gereed om te pik.

18 So Broer Welch het gesê: “Ek sal hom optel, jou vis.” En hy het afgespring in grassies en blare daar. En toe hy het, het ’n grondratelslang hom gegryp, net omtrent, o, omtrent ’n halfmyl van waar sy broer dit gekry het, gebyt is.

19 Wel, hy het uit die water uitgespring daar met twee gate in sy been, voet, net bokant, soos *daardie*, waar die slangtand getref het. En hy het gesê sy bene het gevries binne-in hom.

20 Nou, as julle sy grootte gesien het, hy's baie groter as wat ek is. En ek sou hom omtrent twee myl op my rug moes dra, hom daar uit te kry. Dit was te veel vir my. En ons het daar gesit, hy wat dit vasgehou het, gely het.

En die Here het net met my gepraat, 'n Skrif gesê: "Hulle sal op die koppe van slange en skerpioene trap; niks sal teen hulle staan . . . hulle skaad nie."

21 Ek het gesê: "Net 'n oomblik, Broer Evans." Ek het my hand oorkant op die slangbyt op sy voet gesit. Ek het gesê: "Hemelse Vader, ons is in 'n noodtoestand. En daar staan geskrywe: 'As hulle sa- . . . slange opneem, of as hulle op die koppe trap, sal dit hulle nie skaad nie.' Dit was vir gelowiges, en hierdie broer is 'n gelowige. En ek's 'n gelowige. En ons vra vir U genade."

22 Hy het soort van gestop: "Sheesh, hah!" om asem te haal en soos hy gely het. En ek het gedink hy het, net met respek vir die gebed. Toe ek klaar was, het hy gelag. Gesê: "Al die pyn is weg." Net sy skoene aangetrek en aangegaan.

23 Om elfuur daardie aand, was hulle daarbuite om foto's te neem toe ons by 'n plek gekom het waar ons gebly het, die motel, van die plaas afgekom het. Sy broer het toe 'n aaswinkel gehad, net oorkant die straat. Wel, hulle was daar oorkant om foto's te neem van hierdie groot stringe van—van hierdie yslike groot-bek baars. En so het hy gesê . . .

24 Terwyl ons—ons daar gestaan het, het die storie opgekom van die slangbyt. Sy broer het gesê: "Dis goed om godsdienstig te wees, maar nie goed om dwaas te wees nie." Hy het gesê—hy het gesê: "Jy beter dadelik by mediese hulp uitkom." Sien? want hy was op 'n hoepel van dieselfde soort byt.

25 Hy het gesê: "Ek is vanoggend omtrent elfuur gebyt. Dit is elfuur vanmiddag. Dis God wat my so lank kon beskerm, kan my die res van die pad deur beskerm." So daar het julle dit. Sien, Hy steeds—Hy beskerm steeds teen slangbyte. Uh-hum.

26 Sien, sy sondaarbroer, gawe seun, ons werk aan hom om 'n Christen te wees. Nou, die sondaar het na die hospitaal toe gegaan, dieselfde bloed, dieselfde seun, broers, het na die hospitaal toe gegaan, het in die hospitaal gelê, 'n hoepel om sy been, 'n lang tyd daarop geloop. En die Christen, die gelowige het reg op daardie selfde soort slang getrap en het hom niks gepla nie. Sien? Ja, meneer. God seën jou, Broer Evans.

27 Ek sien Broer en Suster Tom Simpson wat daar reg agter hulle sit. Reg agter dit is Broer en Suster Fred Sothmann. Hulle is Kanadese, net gekom. Broer en Suster Collins. Wel, hier's Broer en Suster Dauch. En hier . . . Nou, Broer en—en Suster Dauch is

van bo in Ohio. Hulle is al vir baie jare lank my vriende. Hier's ons vriende van hieronder in Tennessee, ry vier . . . agthonderd myl, elke keer wat ek preek, om na die diens toe te kom. Almal wat geassosieer is met die Branham Tabernakel, staan net 'n oomblik op, wat net na die tabernakel toe kom. Kom ons kyk hoeveel steeds verteenwoordig is. Texas, Louisiana, Georgia, en Noord-Carolina, New York, Ohio . . .

Hulle kom van die Ooste en Weste;
Hulle kom van die verre lande af. (Is dit reg?)

28 Ek het jou uiteindelik gister hoor sing, broer: "Hoe Groot Is U." Die mense van onder in Tennessee, Broer, of, Suster Ungren, Suster Downing, die broer, en broer, ek kan no- . . . Myers, Suster Myers, en Joanne, en o, o, o goeiste, almal van hulle. Ek is lief vir hulle.

29 En julle weet, ek het 'n visioen gehad nie lank gelede nie, 'n paar weke gelede, dat ek van die son af gepreek het, en ek het 'n groot gehoor gehad. En dit sal gebeur. En ek het gepreek, en my gehoor was 'n—'n—'n katedraal in die woud. En die son waarin ek gestaan het, het afgeskyn op baie plekke. Ek het twee klimakse gehad om te maak, en ek het hulle gewys van Goddelike genesing, van visioene, en hoedat God belowe het, en alles. En hulle het gejuig.

30 Maar toe, toe ek by my eerste klimaks gekom het, vir hulle sou vertel het dat al hierdie dinge die Woord was. En toe ek dit moes sê, het almal honger geword. Ek preek baie lank. Maar hulle het honger geword, wou iets gaan kry om te eet, en hulle het begin weggaan.

31 Ek het gesê: "Wag 'n bietjie. Julle het nie gehoor nie. Sien, ek wil julle vertel waar dit vandaan kom. Dis die Woord, die Woord." En toe ek dit begin sê het, dit begin terugsê het van die Woord, en hoe dit gedoen is deur die Woord, het almal weggegaan. Wel, dis hoe dit gebeur het. Hmm. Toe ek daar gestaan het, het die Skrifte na my toe gekom, in die visioen terwyl ek in 'n stoel gesit het, omtrent nege-uur een oggend by my huis.

32 En toe, julle weet, ons Here, toe Hy was, Sy jong bediening, toe Hy die siekes genees het en alles, daardie jong Rabbi van Galilea, was Hy 'n wonderlike kêrel. Maar eendag het Hy by die Woord begin kom. En toe Hy by die Woord gekom het, het die mense weggeloop. Die sewentig het Hom verlaat. En toe het Hy omgedraai en vir die twaalf gesê: "Wil julle ook gaan?" Hmm?

33 En toe het ek net in my visioen gedink: "Ja, dis reg. Sien, ek het nog 'n klimaks, 'n groot klimaks wat ek moet maak. Sien? Maar die son skyn nou helder. Maar die aandskaduwees sal na 'n rukkie val. Hulle sal almal weer terugkom. Dan sal ek hierdie ander klimaks maak." Ek het my hand opgesteek, gesê: "Glorie aan God. Ek sal nie meer hoef te studeer nie, want my opdrag in die begin, was om by die Woord te bly, en ek sal daarby bly. En

dan wanneer ek weer begin, sal ek net hersien wat ek gesê het, en dan wag vir hierdie klimaks." En ek het gedink: "Ek moet dit nie vergeet nie." En ek het uit die visioen uitgekom. Ek weet nie watter—watter teks ek gehad het nie. Maar daar kom 'n nog 'n klimaks, um-hum, net so seker.

34 Ek wil vir julle almal hier sê. . . Ek sien julle nie so veel by die kerk nie, want ons kerk is klein, en ons is daar ingeprop soos ek weet nie wat nie, en honderde wat wag, daarnatoe kom, weggewys word, ensovoorts, van verskillende state en dinge af.

35 Maar toe die Woord begin uitgaan het, wil ek julle vertel voor (Ek's hulp-pastoor hier, julle weet)—voor hierdie gemeente, toe die Woord begin uitgaan het, weet julle wat Petrus gesê het? "Here, waarnatoe sal ons gaan?" Bly by die Woord. Daar was 'n paar wat gebly het.

36 Dankie dat julle almal gekom het. Ek het nie eers geweet dat enigeen van julle sou kom nie, het nie geweet een sou kom nie, want ek het geweet dit sou baie vol wees hieronder, en ons het dit soort van vir onsself gehou. Maar ons is—ons is dankbaar julle is hier. En hierdie is julle broers en susters in soortgelyke geloof. Sien?

37 Hierdie is die groepie wat hier sit wat vertoef soos julle. Ons is pelgrims en vreemdelinge. Ons soek na 'n stad wie se Boumeester en Oprigter God is, en ons vertoef. Ek skud hulle hande, en vind uit hoe goed die kokke hier kan maak. . . kan broodrolletjies bak. En julle sal beslis growwe mieliepap kry. Ek's seker daarvan. So, maar raak net goed bevriend met mekaar, en skud hande, en leer nou mekaar ken terwyl julle hier is. Nou, mag die Here Sy seëninge byvoeg.

38 Ek wil vir die mense hier by die tabernakel sê: spoedig, nou, ons weet nie, hulle wil ons nie toelaat om daardie kerk te verbeter voor ons nie grond kan koop om meer parkeringfasilitiete te maak nie. En ons kan nie die grond koop nie. Ons sal dit waarskynlik moet skuif. En die kerk wat my probeer help om uit hierdie skuld van veertigduisend dollar uit te kom. Hulle gaan. . . Ek moes drieduisend dollar van die tabernakel leen om dit op te maak, deel daarvan. En dis soort van moeilik vir ons om 'n kerk te koop op hierdie stadium.

39 Maar ek het belowe na daardie Sewe Kerkeeue sou ons oor die Sewe laaste Seëls praat. As God wil, gaan ons dit dadelik doen. So ons sal julle deur die pos laat weet wanneer dit sal wees, en julle kan bel en vir Billy in die hande kry, as julle besprekings wil hê ensovoorts, sodat hy vir julle 'n plek kan kry om te bly. Het julle Hom lief? Amen.

40 Broer Palmer het, nou die aand, die broer. . . Wat's sy naam, die. . . hierdie groot kêrel hierrond, Judy se man? Ernie. Ernie. Goeiste, ek het gedink Veck kon daardie *Amen* sing. Maar hy het beslis 'n stem soos 'n hommelby in 'n beker gehad. Hy kon net

regtig . . . Wel, ek het dit nie so bedoel nie, julle weet. Ek—ek het bedoel, julle weet, baie diep, hy kon dit regtig sing. Goeiste! O, hy is nie hier nie, is hy? Dis alles reg. My kru uitdrukking, hy was nie hier om dit te hoor nie. So dis alles reg.

41 Nou, kom ons begin nou. En almal wat goed voel, sê: "Amen." Nou, ons sal presies op die middag probeer verdaag, as die Here wil, net sodra ons kan hê 'n paar . . . net 'n . . . Sondagskoolklasse is almal verdaag, is hulle, Broer Jack? En die diens is verby, ons gaan nou net 'n bietjie gemeenskap saam hê.

42 En—en julle weet wat gemeenskap is? Broer Bosworth, hoeveel het al ooit van hom gehoor? Natuurlik het julle almal. Hy het eendag vir my gesê, hy het gesê: "Broer Branham, weet jy wat gemeenskap [Eng. "fellowship"—Vert.] is?"

Ek het gesê: "Wel, Broer Bosworth, ek dink so." Ek reken 'n ou gelowige wat jy geken het.

43 Hy het gesê: "Dis twee kêrels [Eng. "fellows"—Vert.] in een skip." [Eng. "ship"—Vert.] Dis reg. Dis gemeenskap, geslote Baptiste gemeenskap. Julle sien? Ons sit nou saam in hemelse plekke in Christus Jesus, hemelse plekke, hou gemeenskap oor . . . in Christus deur Sy Woord, hou gemeenskap om die Woord. Is dit nie pragtig nie? Gemeenskap om die Woord, elke ding in gemeen, sit langs dieselfde tafel, en gee aan vir mekaar.

O, Jesus het 'n gedekte tafel om God se heiliges te voed,
Hy nooi Sy uitverkorenes: "Kom maar eet;"
Met Sy manna voed Hy ons alk' behoefte word voorsien;
O, dis heerlik om altyd saam met Jesus te kan eet! (Um-hum, hum, hum, hum!)

Nou, laat ons net ons—ons bekers oopmaak en vir mekaar aangee, gemeenskap en vriendskap met mekaar, soos ons na die Woord kyk.

44 In die Boek van Johannes die 1ste hoofstuk, het ek, vanmôre, 'n bekende teksie gekies om 'n konteks uit te neem. En hierdie bandopnames is altyd op die mark, of by die—die bank. En ek dink nie hulle sal hulle op Sondag verkoop nie. Maar as julle 'n bestelling vir een wil plaas, iets wat gesê mag word, julle dit wil bestudeer, of, in 'n gebedsry.

45 Nou, gisteraand . . . Ek wil verskoning vra voor ek hierdie doen. Ek sou Broer Moore gehelp het om gisteraand 'n paar te doop, maar ek het in daardie onderskeidingry ingeval. En, eerlikwaar, ek onthou skaars dat ek hier weg is. Nou, dis reg. Sien? Ek's moeg. Ek het verloor van 'n honderd-en-sewentig pond na 'n honderd vyf-en-dertig. So ek's . . . Maar met die las van my skouers af nou, kan ek—kan ek dalk 'n bietjie beter aanbeweeg.

46 Soos Broer Williams nou die oggend gesê het in die Sakemanne se ontbyt, het gesê, Mayo's het vir hom gesê: "Jy moet net gaan, dis al," 'n paar jaar gelede. En net sodra hulle dit vir hom gesê het, het hy na die telefoon gehaas. Gesê: "Jy sal . . . jy is net sterwend. Jy—jy verloor gewig." En hy het na die telefoon gehaas en geskakel. En Billy het vir hom gesê om te kom. Hulle het hom daar oorkant in die noodry gesit. Ek het ingegaan, en 'n paar minute met hom gepraat, en vir hom gebid. Ek dink hy het omtrent sewentig pond opgetel van toe af.

Gesê die dokter het vir hom vertel, gesê: "Nou, moet jy ontslae raak van deel van daardie gewig."

Hy het gesê: "As God dit vir my aangesit het, gaan ek dit daar laat bly." So ek dink dis 'n goeie—goeie ding.

Nou, het julle nou julle Skrifte, sodat ons kan lees? Johannes die—die 1ste hoofstuk van Johannes, vanaf vers 35:

> *Die volgende dag het Johannes weer daar gestaan en twee van sy dissipels;*
>
> *En toe hy* gekyk het *na Jesus wat wandel*, en het *hy* gesê, *Dáár is die Lam van God!*
>
> *En die twee dissipels het hom dit hoor sê, en Jesus gevolg.*
>
> *Toe het Jesus omgedraai, en hulle sien volg, en vir hulle* gesê, *Wat soek julle? Hulle het Hom geantwoord, Rabbi (dit wil sê, as dit vertaal word, Meester) waar is U tuis?* (Nogal 'n vraag, is dit nie? Waar is U tuis?)
>
> En *Hy* het *vir hulle* gesê, *Kom kyk*. En *hulle het gegaan en gesien waar Hy tuis was, en dié dag by Hom gebly: want dit was omtrent die tiende uur.*
>
> *Andréas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat dit van Johannes gehoor, en Hom gevolg het.*
>
> *Hy het eers sy eie broer Simon gekry, en vir hom* gesê, *Ons het die Messias gevind, dit is, as dit vertaal word, die Christus.*
>
> *En hy het hom na Jesus gelei. Toe kyk Jesus na hom, en sê, Jy is Simon, die seun van Jona: jy sal genoem word Céfas*, dit is, as dit vertaal word, *'n Klip.*

47 Mag die Here Sy seëninge voeg by die voorlesing. Waar woon God? Waar is Sy woonplek? Hoe sou ons weet ons was by Sy huis? Waar is dit? En soos Hy vir daardie dissipels gesê het: "Kom, kyk." Dis wat Hy vir ons sou sê vanmôre. Hy kan nie verander nie. Hy moet dieselfde bly. "Kom kyk." Nou, ek wil hieruit neem om te preek oor 'n paar notas wat ek hier neergeskryf het, *Oortuig En Dan Besorg*, wil dit die teks maak.

48 Nou vandag, vind ons, en weet, en kan kyk na die gehore en die beweging, en waarvoor ons dankbaar is teenoor ons vriende,

en ons geliefdes, en ons mede broers en susters in Christus, maar ten aanskoue van dit alles, moet ons erken daar's 'n groot afvalligheid.

49 Toe ek daar gestaan het vanmôre en nog 'n stukkie papier hieragter bygesit het, toe ek hierdie kosbare broer hoor preek het, het ek—ek iets anders bygevoeg. Julle sien, om te bewys daar's 'n afvalligheid, daar's omtrent geen vergelyking vandag teenoor wat daar toe was nie. Sien, sien? O, ons—ons het miskien groter getalle. Ons het beter geboue. Goeiste, sekerlik. Maar daardie *egte* ding, daar's 'n afvalligheid weg daarvan. Tog, wil ons—ons nie so dink nie.

50 Maar as God sommige van ons geneem het, soos ons miskien sou sê, sprekers, of iets, dat ons sou . . . Hy lig ons op. En Hy ver- . . . Hy vergelyk Sy—Sy profete in die testament, Hy het hulle arende genoem, en Hy het Homself 'n arend genoem. Hy's Jehova-arend. En ek glo ek het hieronder vir julle hier gepreek, 'n preek eenkeer oor *Die Arend Wat Haar Nes Opwek*, en dis wat gedoen moet word. Maar die Arend moet dit Self doen. Julle sien?

51 Maar kyk, daar's geen voël wat 'n arend kan volg nie. O, julle sê: "valkoog." Daardie valk 'n arend probeer volg, sal hy disintegreer in die lug. Um-hum. Hy kon nie daardie arend volg as hy moes nie (Sien?), want daardie arend kan so ver gaan, dat die valk nie eers daarby kan uitkom nie. En voor hy soontoe kan gaan, moet hy gebou wees sodat hy dit kan weerstaan.

52 Maar hoe hoër jy gaan, hoe verder kan jy sien, soos die ruimtevaarders, ensovoorts nou. Sien? Hoër jy gaan, verder kan jy sien, as jy toegerus is om te sien.

53 Nou wat sal dit die arend baat om daar hoog op te gaan, as hy nie kon sien na hy daarbo gekom het nie? So ek dink dis hoe baie van ons vandag probeer om op te lig in iets in, wanneer ons nie eers toegerus is nie. Um-hum. "O, God, gee my die gawe *hiervan*, en doen *dit*, *dat*, *daar*." Julle begryp dit nie. Hoekom? Julle is nie toegerus daarvoor nie. Dit sal julle niks baat na julle daarbo gekom het nie. En as julle daar kom, en as julle julleself probeer oplig, sal julle net bring, wat ek vandag noem, wat ons kerk seerder gemaak het as enigiets, 'n vleeslike vergelyking.

54 Gisteraand het ek op die—die trappe van my plek gestaan, 'n vroutjie wat daar staan en huil het. Omtrent drie jaar gelede in die Chicago dienste, het sy daar gesit, en het pas 'n volle histerektomie gehad, het al haar organe laat verwyder, en die kanker het verder in haar liggaam op versprei. Dokter het haar opgegee. En hulle is goeie ou Arkansas mense, julle bure hierbo, en so . . . Dierbare vroutjie, en haar man is 'n—is 'n Pink- . . . , nee, haar man se pa is 'n Pinksterprediker, ek glo dis hoe dit was, nou, haar man se pa.

55 En, hulle het van die dienste gehoor, en ek dink deur Broer G. H. Brown of iets, en het na Chicago toe gekom en het ingekom en het aan die agterkant gesit in 'n desperate toestand.

56 Die Heilige Gees, soos julle dit gisteraand sien werk het, het regoor die gehoor beweeg en agtertoe gegaan en vir haar vertel. Daar was dit. En hoeveel het my ooit hoor sê: "Ek sien 'n donker skaduwee oor jou, tot die dood"? Nou, ons het die foto, net soos ons het van die Engel van die Here, daarvan. Ons het 'n foto daarvan. Dit is pas geneem. Gepraat met 'n vrou geskadu vir die dood. Hulle het dit afgeneem. En toe hulle het, in die foto was daar 'n donker mantelkap van swart rook wat rondgemaal het bokant die vrou. Net so lig as wat dit kon wees. By Southern Pines, Noord-Carolina. En daar daardie . . . Julle almal, die kerk van die tabernakel, julle het dit gesien op die kennisgewingbord, het julle nie? Ja. Goed. Daar is dit. Sien?

57 Ek lieg nie. Ek—ek kan lieg, want ek's 'n mens. Maar ek lieg nie, want God draai reguit om en bevestig dat dit waar is. Toe ek vir julle gesê het daar was 'n lig, net 'n seun onder op die rivier toe die koerant die—die foto daarvan geneem het, en sien, nou is dit . . . Dis bewys. Dis sonder enige sweempie twyfel. Al die kerke, al die mense, Christen, weet dit. Sien, sien? Wel, dis 'n—'n skaduwee. En dan wanneer die dood kom, is dit 'n skaduwee. En daar was daardie vrou geskadu tot die dood.

58 Wel, hierdie vroutjie was ook, en die Heilige Gees het vir haar gesê waar sy vandaan gekom het. Toe het ek agtertoe gekyk, en daardie duisternis het vervaag, daar was 'n Lig wat oor haar gehang het. Dis reg. En ek lê net my lewe reg daarop dat dit reg was. Hy was nog nooit verkeerd nie. So toe, het die woord uitgekom: "SO SPREEK DIE HERE." Nou, baiekeer, kry julle daardie visioene (Sien?), julle kry dit op dieselfde manier wat . . . Dit is nie 'n visioen nie, en tog, is dit 'n visioen.

59 Sien, toe die vrou die soom van Sy kleed aangeraak het, was dit die vrou wat God se gawe gebruik het. Sien, sy het uit Hom uitgetrek, want Hy het gesê: "Ek het swak geword." En Hy het eintlik nie gesê: "Ek het jou genees" nie, Hy het gesê: "Jou geloof het jou gered." Die woord *sozo*, net soos: "fisiese verlossing, geestelike verlossing." Sien? "Jou geloof het jou gered." Nou, sien, die vrou, haar eie geloof het dit gedoen, deur te glo dat Hy die Seun van God was.

60 Nou, toe God Sy gawe op Lasarus wou gebruik, het Hy Hom net 'n visioen gegee. Hy het weggegaan, en toe Hy teruggekom het, het Hy 'n man uit die graf uit opgerig wat al vier dae daarin was, alreeds, in ons woorde van begrip, verrot. Sy neus het al ingeval, soveel tyd. Sien? Goed. Nou, en Hy het nooit 'n woord gesê van swak word nie. Dit was God wat Sy gawe gebruik het.

61 Die ander een was 'n vrou wat God se gawe gebruik het. So dit—dit . . . Jesus het nie eers geweet sy was daar nie. Hy het

net daar verbygegaan, en Hy het omgedraai. Nou, Hy was nie 'n skynheilige nie, julle weet, Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?" Hy het nie geweet nie. Toe het Hy gevind waar daardie trek van geloof was, vir haar gesê "Jou geloof het jou gered: jou bloedvloeiing." Sien? "Jou geloof het jou gered."

62 Wel, dis dieselfde ding wat op hierdie manier plaasvind. Baiekeer as dit plaasvind . . . nou hou dit dop. Maar op die platvorm, of iewers waar ek 'n persoon persoonlik het waar ek met hulle kan praat, en sien wat verkeerd is met hulle, dan as ons net 'n paar minute kan wag, en kyk wat die Here terug sê daaroor!

63 Nou, jy moet seker wees dis God wat dit nou sê, en nie 'n indruk nie. Soos ek nou die aand gesê het, daar's te veel truuks in Pinkster. Um-hum. Dis waarom die—die—die—die—die opregtheid en die vertroue verloor is, is as gevolg van, vleeslike nabootsings. As ons seker was dit was God, sou ons stilgesit het. So wanneer ons sê: "SO SPREEK DIE HERE," moet jy seker wees dis God, nie jou eie gedagte, of 'n indruk, of 'n pulsasie nie. Weet dat dit God is. En dan in hierdie geval het dit teruggepraat met haar en vir haar vertel. Heeltemal normaal, is nog so, van toe af.

64 'n Paar dae gelede in Arkansas het daar 'n predikertjie aangekom. En ek betwis nie daardie seun se woord nie. Ek het geen reg nie. Ek's nie God nie. Hy—hy het gesê dat die Here hom 'n gawe van onderskeiding gegee het. Wel nou, natuurlik, dis een van die gawes van die Skrif, sekerlik. Dis alles reg. Maar julle sien, wat hy gesê het was teenstrydig.

Sy het vir hom vertel, getuig van wat die—die Here vir haar gedoen het.

65 Hy het gesê: "O, maar wag 'n bietjie. Dis weer terug op jou." Wel, soort van, die vroutjie doodbang gemaak, en hier het sy gisteraand daarbo staan en huil. Sy is alreeds een keer gedoop, en hier was sy op die onderste vloer om te probeer om . . . 'n kleed aan te trek, gehardloop na die onderste vloer om gedoop te word, om te kom waar ek was. Sy is alreeds gedoop, maar sy sou oorgedoop word, net, om te kom, daar te staan. Broer Jackson was op die stoep saam met haar gewees gisteraand hierbuite by my motel. Want sy . . . Daardie seun vir haar dit vertel het, en daardie vrou het net so min kanker gehad as wat Jim Maguire het, wat hier sit. Sien?

66 Man . . . Een van ons Pinksterbroers was by 'n diens waar 'n ander broertjie ingekom het en vir sy dogter gesê het sy's op sterwe met kanker. Wel, hy het haar ingevlieg. Ek het in die kamer ingegaan. Ons het daar gesit met 'n noodgeval, en die Here dopgehou. Ek het haar gesien . . . Hierdie was 'n tyd gelede, en ek het haar twee kinders sien dra. "Wel," ek het gesê: "jy is nie sterwend nie. Jy het glad nie kanker nie. Nou, neem jy

net . . . Ek sal daarvoor betaal, gaan na 'n spesialis toe en laat jou ondersoek." Sien? "Jy het glad nie kanker nie."

67 So julle sien, dis . . . En hy het gespreek in die Naam van die Here. Hierdie seun het dieselfde gedoen. Wat is dit? Dis entoesiasme, emosie. En deur dit te doen, besef julle nie dat—dat dit 'n demper op die—die mense plaas nie? dat hulle nie weet wat om te glo nie. Maak seker van dit waaroor julle praat.

68 Hierdie dag van afvalligheid, en omdat dit tot daar gedaal het, is die mense nie meer besorg nie. Onthou, die boom hou aan groei, in elk geval. Soos Joël gesê het: "Ek sal herstel." Baie van julle neem die bandopnames, en ek wens julle wil daardie *Bruidboom* boodskap kry. Sien? Tog was Dit afgekap. En die Hoofboom, Christus, is afgekap. Hy was die Boom van die Lewe wat uit die tuin van Eden gekom het en gehang is aan 'n—'n wrede, Romeins-gemaakte boom.

69 Maar daardie selfde Boom van die Lewe wat Hy was, wat 'n man Hiervan eet en nie sterf nie, Hy het 'n Bruid laat opkom. En toe daardie Bruid uit die Heilige Gees uitgekom het, wat het gebeur? Dit is afgekap deur die Roomse Katolisisme in 'n denominasie. Maar Joël het belowe dat Dit weer sou herstel.

70 Dit het weer uit die stomp uit begin in die dae van Luther. Wat het hy gedoen? Dit georganiseer. Weer afgekap, dit gesnoei. Die Boom het groter gegroei. Dit het in Wesley ingegaan. Wat het gebeur? Georganiseer, gesnoei, die meester van die wingerd het die lote afgesny. Hulle het gesterf. Wys vir my een keer wat 'n organisasie ooit weer teruggekom het. Hulle is gesnoei.

71 Toe het Pinkster gekom, nog 'n tak wat daaruit gekom het. Wat het gebeur? Georganiseer, gesnoei, weer afgekap. Maar onthou, onder in die middel van daardie stomp, sal dit—sal dit 'n egte Bruid voortbring. "Ek sal herstel," sê God. En waar word die boom, die vrugte daarvan, eerste ryp? Is aan die bokant. Hoekom? Dis nader aan die son. Ek beter nou daarvan af wegkom. Ons sal terugkom na hierdie ander.

72 Afvallig, onbesorg. Ek kan die mense se idee sien, en ek wil hieroor praat, want hierdie is ons Sondagskool, en wanneer net die . . . ons een kerk hier ontmoet, twee kerke, twee groepe, maar dieselfde mense, sodat ek—ek hierdie kan verduidelik.

73 Daar's 'n afvalligheid, en dit . . . en die afvalligheid het 'n onbesorgdheid veroorsaak. Wat doen hulle vandag? Dit lyk asof, sedert die Azusastraat en die uitstorting van die Heilige Gees, dat die enigste ding wat belangrik is in die kerk, is om lidmaatskap te kry, meer lidmate, alles in te neem. En ons gebruik die doktrine van hulle moet in tale praat om die Heilige Gees te hê. En baie van die broers het mense geneem, en het hulle 'n sekere woord oor-en-oor laat sê: "glorie, glorie, glorie," tot hulle 'n verwarring van taal gekry het. As hulle net stilgesit het tot die Heilige Gees gekom het!

74 Nou ek glo ook jy praat in tale. Ek glo dit. Maar as jy die regte, egte Heilige Gees praat in tale gekry het, weet jy wat? Sal die Lewe van Christus in jou volg. Nou, ek het al toordokters in tale sien praat. Ek het al allerhande dinge gesien, as 'n sendeling, wat bloed uit 'n menslike skedel drink, en in tale praat, en die duiwel aanroep. Hmm.

75 My ou moeder, net 'n paar maande gelede gesterf het, was 'n half Indiaan. En ek was in hulle kampe gewees, en ek het hulle 'n slang om hulle sien draai soos *daardie*, en die mieliedans dans, en in tale praat en 'n potlood neersit, en dit sou in onbekende tale skryf en dit lê dit uit.

76 So, sien, daar's geen sensasie wat jy op die Heilige Gees kan plaas nie. Dis aan hulle vrugte wat jy hulle sal uitken. Nou, dit sny nie praat in tale af, en dit sny nie uitroep af, dit sny af . . . Jou lewe getuig, self. Dit sê vir jou wat—wat dit is, jou—jou lewe wat daarvan praat.

77 Nou, vandag is die groot ding om by die kerk aan te sluit, lidmaatskap, 'n—'n radioprogram te ondersteun. Wel, dis in die haak. Daardie dinge, ek kritiseer hulle nie, maar ek sê vir julle. Sien? Bou 'n sekere groot skool iewers, is dit nie reg nie? Almal wil 'n teologiese skool bou. Hulle wil al die geld hê wat die mense kan gee om so-iets te ondersteun, en miljoene dollar daarin te sit. Sien? En dan, sê hierdie selfde klas mense dat hulle glo dat Jesus in hierdie geslag kom.

78 Weet julle nie? Mense is nie heeltemal blind nie. Wel, julle eie getuienis getuig. Julle aksies spreek harder as julle woorde. Hoe kan julle sê dat julle glo Jesus kom, wil 'n miljoen dollar gebou bou? En sendelinge, ware, wat nie skoene aan hulle voete het nie. En omdat hulle nie aan 'n sekere denominasie behoort nie, word hulle nie ondersteun nie. En dan sê dat ons glo dat die koms van die Here voor die deur is: "Hy gaan in hierdie geslag kom." Mense weet beter as dit. Sien?

79 Hulle het . . . hulle is nie oortuig nie, dis al, hulle glo dit nie. Hulle neem dit net as hulle tradisie. Iemand sê dit: "O, Glorie aan God. Jesus kom sommer binnekort." Die volgende een het gesê: "Glorie aan God. Jesus, kom sommer binnekort." As julle dit glo, sou daar die grootste geroep in hierdie stad gewees het wat julle al ooit gehoor het. Dis 'n tradisie. Dis nie 'n realiteit vir die mense nie. Dit is nie—dit is nie . . . dit kom nie so uit nie. Dit bewys dit is nie.

Hulle is nie oortuig dat Hy in hierdie tydperk kom nie, en weer nie oortuig dat Hy met hulle is nie, nie ten volle oortuig nie.

80 Nou, Eva was nie ten volle oortuig dat God se Woord waar was nie. As sy was, sou sy nooit geluister het na 'n redenasie wat Satan haar gegee het nie. Dis twee groot oorloë. Die eerste is geveg in die hemel. Satan is uitgeskop. En God is 'n groot militêre man.

81 Nou, julle sien, wanneer as 'n nasie spioene oraloor uitstuur om uit te vind wat die volgende man het, wel, ons het baie, al is ons vriendelik met Engeland, is daar Engelse spioene hier om ons atoomgeheime te sien, en daar's Amerikaanse spioene oorkant in Engeland ook om te sien wat hulle het. Daar is geen vertroue vir mekaar nie, want as een een ding kry, probeer die ander iets anders kry om dit teen te werk. Dis hoe hulle oorleef.

82 God, vir Sy leër, wat Hy ken . . . En elke nasie probeer hulle leër met die beste toerus. Hulle moet dit doen om te oorleef. En God, wat oneindig is, wat Sy leër toerus, het die beste wapenrusting geken wat daar is. En wat het Hy gedoen? Hy het Sy Woord vir Sy leër gegee. Ons is nie verskans agter denominasie nie. Ons is nie verskans agter groepe nie. Ons is verskans agter die Woord van God. En die duiwel het dit geweet, so hy het probeer in die enigste . . . en nou . . . Die spioen, die duiwel wat 'n pad in daardie muur in probeer vind het, hy mag plesier probeer het, hy mag alles probeer het, maar weet julle waar hy vir Eva gekry het? Met redenasies.

83 Die Bybel het gesê ons moet redenasie laat vaar. Geloof doen dit. Nou, redenasie. "Is dit nie redelik, Broer Branham, dat die kerk in 'n beter toestand is vandag as wat dit by Asuzastraat, of destyds in daardie tyd was nie?" Nee, meneer. Hulle het die Woord verlaat. Hulle het weggegaan van die . . . waar hulle—hulle—hulle—hulle skild was. Die Woord is ons Beskerming. En al sou mense nie durf waag om te sê hulle glo dit nie, hulle maak aanspraak daarop, maar hulle aksies spreek harder as hulle woorde: wanneer 'n man sê: "O, glorie aan God, ons sien uit daarna dat Jesus enige tyd kan kom; sê, ek—ek laat . . . ons gaan 'n gebou hierbuite bou, is *soveel* miljoen dollar werd."

84 Nou, julle weet twee maal twee is gelyk aan vier. Enige graad twee leerling sou dit weet. Sien? En hoe kan julle glo dat Hy nou kom en dan groot geboue bou?

85 En tog, sien ons die einste Teenwoordigheid van Christus in die einste vervulling van Sy Woord. Maar ons is nie oortuig dat dit Hy is nie (Dis reg.), want vleeslike nabootsings en dinge het die mense onkant betrap. Dit het so geword dat daar geen respek, kwalik nog is, vir die boodskappe nie. En net enigiets kan opstaan en hulle noem dit 'n boodskap, wanneer 'n boodskap neergeskryf behoort te word. En as dit nie gebeur nie, het jy 'n bose gees daar.

86 God het gesê: "As daar een onder julle is wat geestelik is of 'n profeet, sal Ek, die Here, met hom praat. En as dit nie gebeur nie, dan is dit nie Ek nie. Um-hum. Maar as dit wel gebeur, vrees hom dan, want Ek is met hom," want God is waarheid.

87 Ons staan net op. En julle sien, dit het net geword net . . . soos gemors. Dis reg. Nou, dis 'n vreeslike woord om te gebruik, maar hierdie is Sondagskool. Kom ons sê dit reguit. Dis die jubileum.

Dis . . . sien, dit het net daardie plek geword. Ek het dit dopgehou. Ek het dit net hier in hierdie tabernakel dopgehou. Ek hou dit dop in my tabernakel. Ek hou dit oral dop.

88 Natuurlik, soos die visioen gesê het, draai hulle net weg daarvan af. Moet so wees. As hulle dit aan Hom gedoen het, dit op die ander manier gedoen het, gaan hulle dit weer doen (Sien?), want hulle begin redeneer: "Nou, moet ons nie *hierdie* hê nie?" En: "Moet ons nie *daardie* hê nie?" Dis redenasies en nie die Woord nie.

Nou, julle sê: "Wel, hoe weet jy?"

89 Wel, neem dit net na die Bybel toe, en kyk of God dit bevestig of nie. As God 'n belofte gemaak het, moet God Sy belofte hou. As Hy dit nie doen nie, is Hy nie God nie. Nou, jy kan dit nie raai nie. Jy moet Hom regtig glo, en jy beter weet waarvan jy praat. Nou, hulle maak aanspraak daarop, maar hulle aksies spreek harder as woord.

Julle weet, Jesus het gesê: "As jy My liefhet, laat My skape wei."

Nou, Hy het nooit gesê: "Skeer hulle" nie.

"Voer hulle."

Hy het nooit gesê: "Leer hulle" nie.

Gesê: "Voer hulle."

90 Wel, skape word reg gevoer met skaapkos; en skaapkos is die Woord. "Want die mens sal nie van woord alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." Nie net een hier, nou en dan nie, maar elke Woord: "reël op reël, hier 'n bietjie en daar 'n bietjie," elke Woord Daarvan. Gee vir hulle Skaapkos.

91 En die Kos waarna hulle soek, is Lewe. 'n Regte skaap soek na Lewe. En daar's net een Ding wat Lewe het. Jesus het gesê: "My Woorde is Lewe." Hy is die Woord, en Hy is Lewe. "Ek is die weg, Ek is die Waarheid, Ek is die Lewe." En Hy is die Woord. Um-hum.

92 Nou, hoe gaan ons hulle geloofsbelydenis gee? Wel, jy gee hulle onkruid, denominasionele onkruid, geloofsbelydenisse, in plaas van Skaapkos, die Woord. En wat maak jy groot? Wel, net wat die onkruid produseer, beslis.

93 Johannes die Doper toe . . . Daar word vir ons min vertel van Johannes. Enigste ding wat ons weet, is dat hy die seun van 'n priester was, en sy pa en ma was oud. En toe hy was, Sagaria, sy werk in die tempel gedoen het, om die vuurpan te wuif terwyl die mense gebid het, weet ons dat die Engel van die Here aan hom verskyn het en vir hom gesê het wat sou gebeur. En dan, hulle was oud. Dit moes die harte van die ou paartjie seergemaak het toe hulle geweet het dat Johannes, hy . . . hulle nie normaalweg sou

lewe om hom in sy volle krag te sien nie. Maar hulle het geweet dat hy 'n groot dienskneg van Christus, 'n profeet sou wees.

94 Nou, dis vreemd, nou. As daardie vader, gaan sit het en vir Johannes vertel het: "Johannes, my seun, toe jy gebore is, het daar iets vreemds gebeur." Sien? Iets vreemds het gebeur: Johannes wat gebore is vir die werk, in plaas van om af te gaan na die skool toe waaruit sy pappa gekom het, wat absoluut tradisioneel was, die seun moet in die spore van sy vader volg. Selfs, enige van julle weet, deur die—die, van die Nicaea kerk te lees, soos Sint Martin, sy pa was 'n—'n militêre man. Hy het absoluut, hy moes in sy vader se voetspore—sy vader se voetspore volg en 'n militêre man wees.

95 En dit was 'n gebruik in daardie dae, dat hulle gevolg het wat hulle vader gedoen het. Dis hoe die priester uit die Levitiese priesterdom, Levi, die een die ander opgevolg het, is 'n priesterslyn. En party was skaapboere, en party was beesboere, en elkeen het sy lyn gevolg, maar Johannes, vreemd, in plaas dat hy, in die wete dat sy werk belangrik was . . .

96 Nou, sonder twyfel as hy na hulle skool toe sou gaan waarvandaan sy pa gekom het: "Wel, hierdie is—hierdie is Sagaria se seun. So ek sê julle wat ons sal doen. Ons sal . . . Ek sal julle sê wat ons sal doen. Ons sal hom 'n groot man onder ons maak soos hierdie, want sy pa was 'n groot man. Ons sal vir hom sy geleerdheid gee, en sy Ph.D., en alles soos hierdie."

97 Johannes het geweet as hy dit ooit in hom laat inspuit, hy die regte waarde van sy roeping sou verloor. So hy gaan in die woestyn in en wag, want hy het geweet dat hy die Messias moes bekendstel. Hy het toe dieselfde ding geweet wat ons vandag veronderstel is om te weet, dat die koms van die Messias voor die deur was, soos ons vandag glo.

98 Johannes het nooit enige skole gevestig nie, maar hy was besorg oor die Woord van die Here. En hy sou . . . Na hy besorg was, het hy geweet hy sou oortuig moes wees waar daardie Messias sou wees. En hy was so oortuig toe Hy uitgekom het, hy het gesê: "Daar staan Een onder julle wat julle nie ken nie." O, broer. "Een, net nou, staan onder julle. Julle ken Hom nie, maar Hy's die Een. Ek sal Hom ken, want ek's oortuig ek kan nie die fout maak nie. God het my vertel in die woestyn ek sal Hom ken, want ek sou 'n teken bokant Hom sien, 'n Messiaanse teken."

99 Een van hulle kon nadergestap het, een van die hoofpriesters, en sê: "Meneer, ons beskou jou as 'n profeet. Hier's Broer So-en-so. Hy's 'n wonderlike man. Wel, hy's een van die hoëpriester se beste vriende. Hy's 'n baie goeie kêrel. Dink jy nie, meneer, dink jy nie, nou, wees eerlik, dink jy nie hy is die Messias nie?"

"Nee."

"Wel, dink jy nie dat ons hom behoort te maak . . . "

100 "Ek weet niks daarvan nie." Maar hy het gesê: "Ek sal Hom ken, want Hy wat vir my in die woestyn gesê het om te gaan doop met water, het gesê: 'Op Wie ek die Gees sal sien neerdaal, dit sal Hy wees.'"

101 Nou, hy het nie gesê: "Nou, ek sal julle sê wat ons sal doen. Ons sal 'n skool begin. Ons sal 'n klomp mense hierin oplei," nie. Nee, meneer. Die tyd was te laat. Was niks om te doen behalwe gereed maak nie. Preek die Woord; kyk uit vir die teken.

102 En toe, toe hy eendag daar uitgekom het, en oorkant die rivier staan en preek het, en 'n priester aan die ander kant gesê het: "Wel, Rabbi, wil jy vir my vertel daar sal 'n tyd aanbreek wanneer die daaglikse offerande sal ophou in die tempel, en hulle geen lammers meer sal hê nie?"

Hy het gesê: "Daar sal 'n tyd aanbreek wanneer 'n man God se Lam sal wees."

"O," het hulle gesê: "Rabbi, jy is van jou verstand af."

Hy het gesê: "Daar . . . O, kyk, daar is Hy. Dis Hy."

"Hoe is jy so seker? Hoe is jy so oortuig?"

103 Eers, was hy besorg oor hy . . . hoe hy sou weet. En toe, toe hy presies uitgevind het wat dit sou wees, toe was hy oortuig dat dit Hy was. Hy het dit gesien. Hoekom kan ons vandag nie? Toe God hierdie goed geprofeteer het wat sou kom, selfs die Laodicese kerk, en die aksie van die Gees in hierdie dag, behoort ons besorg te wees oor hierdie dinge, en dan sal ons oortuig wees. Kon nie 'n fout gehad het nie.

104 Ons vind nou uit dat hierdie dissipel . . . Na Johannes hierdie stelling gemaak het, en Hom reguit hier uitgeroep het: "Aanskou die Lam van God," het Andreas by hulle gestaan. En Andreas het Jesus gevolg omdat hy vertroue in Johannes gehad het, sy opregtheid gesien het, dat hy die Messias sou aankondig.

En toe, toe hy het, het hy gesê: "Rabbi, waar is U tuis?"

105 En Jesus het gesê: "Kom, kyk. Kom, kyk waar Ek woon." En hy het by Hom gebly daardie nag. Hy het by Hom gebly tot hy oortuig was dat Dit die Messias was.

106 Die probleem is, ons bly nie lank genoeg nie. Ons is nie oortuig nie. Dis hoekom ons besorgdheid ons verlaat het. Dis hoekom ons so besig is met die dinge van die wêreld. Dis hoekom ons so onrustig is. Ons is nog nie ten volle oortuig nie. Ons dink ons is. Maar wanneer jy ten volle oortuig is, soos die ou broer 'n rukkie gelede gesê het, gebeur daar iets. Wanneer jy regtig oortuig is, dan is jy besorg.

107 Nou, julle onthou, Andreas, sodra hy onders- . . . oortuig was, was hy besorg oor sy broer. Hy wou hê sy broer moet iets daarvan weet. Jy kan dit nie stilhou nie. Jy moet iets daaraan doen. Stefanus was oortuig. Nou, ons let op, wanneer jy oortuig is, dan

is jy besorg. En dis hoekom ek so oortuig is dat die kerk in hierdie Laodicea toestand is, en dis hoekom ek besorg is daaroor.

108 Dit is nie dat ek nie van hierdie goed hou nie, dis omdat ek ten volle oortuig is dat ek die waarheid praat uit die Woord van God. Ek hou Sy bewegings dop. Ek sien myself dinge doen, ek wonder hoekom, en ek kyk terug en hier is dit. Hy praat met my, en ek wonder: "Ek het nooit daaraan gedink nie. Wel hier, dis presies dit." Dan is ek oortuig, en dis hoekom ek besorg is.

109 Ek wil nie hê enigiemand moet verlore gaan nie. Ek is besorg oor julle. Ek's besorg oor die mense, want ek's oortuig Jesus is Christus. Ek is oortuig dat ons in die laaste dae lewe. Dis hoekom ek, wel, terug op die veld, ek baie jare gelede begin het. Ek kon twee keer 'n multimiljoenêr gewees het. Ek veertigduisend dollar leen? Dit sou "kleingeld" gewees het, soos ons dit noem.

110 Hoekom? "Hoekom het jy dit nie gevat nie?" Julle pastoor hier weet hoeveel duisende der duisende der duisende dollar ons van die hand gewys het. Hoekom? [Leë kol op band—Red.] Ek's oortuig dat ons aan die einde is, en ek's besorg oor die toestand van die kerk hier aan die einde.

111 Ek's oortuig oor vroue wat hulle hare knip. Ek's besorg daaroor. Hulle is my susters. Ek's oortuig oor mans wat poppe is. Ek's besorg oor my broers. Dis nie dat ek hulle nie liefhet nie; ek het hulle lief. Dis die einste teken dat ek hulle liefhet, nie dat ek rof met hulle wil raak nie. Ek's oortuig, en ek's besorg daaroor.

112 Nou, ons almal behoort oortuig te wees. En wanneer ons oortuig is, begin ons lewens brand, soos die broer gesê het. Daar's iets, ons kan nie stilstaan daaroor nie. Jy kry geen rus nie. Jy net, soos hy 'n rukkie gelede gesê het, hy kon heelnag nie slaap nie. Hy was oortuig dat dit God was. Hy was besorg om Dit self te kry. Sien wat ek bedoel? Oortuig, en dan besorg.

113 Ja, Johannes het in die woestyn gebly tot hy uitgevind het wat God se program was. Toe was hy besorg. Hy het sy teken geken. Andreas het heelnag by Jesus gebly, en toe was hy besorg oor sy broer. Hy het hom gaan kry. Hoeveel keer kan ons dit noem, wat, het net nie te veel tyd meer daarbo nie, maar ek—ek wil nog hierdie paar woorde sê, as julle my nog omtrent tien minute kan uithou.

114 Jakob het 'n pulsasie gehad dat hy moet teruggaan huis toe, maar hy het geweet hy moet sy vyand trotseer. Hy het nie geweet hoe hy dit gaan doen nie. Wat het hy gedoen? Eers, het hy daar gebly tot hy God beetgekry het. En toe hy oortuig was dat hy die seën gehad het omdat God so gesê het, toe was hy besorg.

115 Eers moet hy bly tot hy weet iets het gebeur. Hy het 'n merk in sy fisiese wese gehad wat gewys het dat God dit op hom geplaas het. Die groot, sterk, wel, hy was—hy was Jakob aan hierdie kant van die rivier, 'n yslike groot, sterk, gesonde lafaard; en aan die ander kant van die rivier, was hy 'n mank Israel. Aan hierdie kant

van die rivier was hy 'n sterk man, 'n Jakob, 'n bedrieër. En aan die ander kant van die rivier, was hy 'n mank soldaat, vir niks bang nie. Hy wou nie eers enigiets hê wat Esau hom kon gee nie. Hy was oortuig dat hy aangeraak is deur God. Elke tree het dit moeilik gemaak.

116 Wanneer 'n man, so duidelik die verskil van die merk van die Heilige Gees in sy lewe sien, dan is jy oortuig, en jy is besorg. Wanneer jy die volgende man sien, 'n groot lafhartige Jakob, wat *so* staan: "Wel, prys God. Ek's Dr. *So-en-so* van *so-en-so*," O, broer, kom ondertoe en loop 'n bietjie mank. Beslis.

117 Samgar, baie van julle . . . Hy was een van die rigters van Israel, een klein . . . Baie predikers het dit nog nooit eers in die Bybel gesien nie, maar hy was een van die rigters van Israel, een klein versie wat oor hom geskryf is. Maar ek hou van hom. Hy was 'n man so na my hart.

118 Julle weet, die Filistyne, toe, het elke man gemaak soos hy wou. So ons vind uit dat die Israeliete 'n groot oes gekweek het, en die Filistyne sou daaragter sit, en dobbel, en hulle vir hulle laat werk. En hier sou hulle reguit inloop, (geen eenheid onder hulle nie), net reguit ingaan en sê: "Wel . . ." hulle oeste afvat. Jaar na jaar het hulle dit gedoen.

119 Hierdie ou kêreltjie het, eendag, hy was nie 'n—'n soldaat nie, hy het net gehad . . . al wat hy gehad het, was sy oes. En ek kan my voorstel hoe hy daar staan na hy sy oes in die skuur gesit het, hy gekyk het, sy verflenterde ou kindertjies, en sy vrou het 'n rok nodig gehad. En dit alles net mooi ingesamel gehad. Hy het daar gestaan, geleun, gesê: "Wel, miskien kan ons hierdie winter eet."

120 Hy het iets gehoor. Hy het by die skuur se venster uitgekyk, hier het 'n duisend Filistyne aangekom, marsjeer, marsjeer, marsjeer, yslike groot metaal wapenrustings oor hulle, groot, goed-opgeleide manne, spiese in hulle hande, wat reguit opmarsjeer om dit wat hy gehad het, te kom afvat.

121 Hy het afgekyk, sy kinders. Hy het na sy vrou gekyk. Hy was besorg. Maar wat dit was, hy was hulpeloos. Hy's nie 'n swaardvegter nie. Nou, hy het nie gesê: "Nou, wag 'n bietjie. Miskien moet ek maar skool toe gaan en leer hoe om tweegevegte te veg met die geloofsbelydenisse," nie. As hy dit sou gedoen het, sou dit al wees wat hy daarvan geweet het. Maar hier's een ding wat hy geweet het: hy het net gedink: "Ek is 'n Israeliet van geboorte, en God het vir Abraham my vader belowe, dat sy saad die poort van sy vyand in besit sou neem." Amen. Dis genoeg. Amen.

122 Hy was besorg oor sy familie; hy was oortuig hy was 'n Israeliet. Die eerste ding wat hy in sy hand gehad het, dit het hy gegryp. Dit was 'n osdrywerstok, 'n stok, klein stukkie koper aan die punt daarvan; die modder van die ploeg afgeslaan,

die drywerstok aangejaag, of, die . . . die os aangejaag soos dit aangegaan het.

123 En ’n duisend Filistyne met wapenrusting, hy het nie die opposisie gesien nie. Hy was besorg, en hy was oortuig. Hy was oortuig, en het geweet dat Hy ’n Israeliet was. Hy was oortuig dat God nie kon lieg nie. Hy was oortuig dat die seën op hom was. Hy het geweet dat dit ’n belofte van God was. Amen, broer. Ek kan net nou baie godsdienstig voel. Hy was oortuig dat dit God se belofte was, net soos Handelinge 2:38 God se belofte is.

124 Hy was oortuig dat God gesê het sy saad, wat hy was, sal die poort van die vyand in besit neem. So hy het daardie osdrywerstok gegryp, daar reg buitekant gaan staan, en elkeen van hulle platgeslaan. Hoekom? Hy was besorg, en hy was oortuig. Reg. Nooit gewag, nou, om al die geloofsbelydenisse, en alles te leer, en hoe om ’n tweegeveg te veg, en “ek moet ’n soldaat wees” nie.

125 Dis wat vandag die probleem is. Hulle is nie oortuig nadat hulle dit geleer het nie. Ons—ons . . . ’n Jong man vandag wil skool toe gaan. En ons Pinksters, wat doen hulle? Die eerste ding, moet hulle hom omtrent tien jaar skool toe stuur om sy Baccalaureus Artium graad te kry (Dis reg.), een of ander kweekskool. En wanneer hy uitkom, hy moet al die rituele leer, en wanneer hy uitkom, is hy nog steeds nie oortuig nie.

126 Julle weet, God het mense gereed gemaak, beter oortuig, binne tien dae as wat ons hulle in tien jaar kan maak. Wanneer ons kweekskole, uitkom, is hulle nog steeds nie oortuig nie, omdat hulle tradisie in hulle ingespuit het. Maar toe hulle op God gewag het vir tien dae, toe was hulle beslis oortuig. Hulle was beslis oortuig. Party van hulle by Pinkster kon nie eers hulle eie naam skryf nie. Maar hulle was oortuig dat dit God was. Hulle het geweet dit was. Hulle sou—hulle sou sterf vir die ding. Hulle het geweet dat dit God was. Hulle was oortuig. Ja.

127 So hulle was oortuig van Sy Boodskap. Hulle was oortuig van Sy werk. En nog iets, hulle was oortuig: Hulle hoef nie uit te gegaan het, en sommige sê: “Nou, wag ’n bietjie. Van watter leerskool af het jy gekom? Nou, wag ’n bietjie. Hoe gaan jy uitgaan sonder ’n gemeenskapskaartjie? Wat gaan jy doen?” nie. Hy was oortuig. Ek gaan iets sê: Hulle was oortuig dat Hy al was wat hulle nodig gehad het.

128 Ons het nog nie daardie punt bereik nie. Um-hum. Ja. Hulle was oortuig. Hulle het nie ’n geleerdheid nodig gehad nie. Hulle was oortuig dat hulle geen gemeenskapskaartjie nodig gehad het nie. Hulle het geweet—hulle het geweet hulle was Abraham se saad, dat God in staat was om te doen wat Hy belowe het om te doen. Hy was oortuig dat Hy al was wat hulle nodig gehad het. Hulle wou nie hulle denominasionele balsemvloeistof gehad het nie. Hulle het alreeds ’n inspuiting gehad. Hum, um-hum. En

hulle was oortuig dit was genoeg om vir hulle te sorg. Hulle was oortuig dis al wat hulle nodig gehad het.

129 En hier is nog iets, soos die broertjie vir my gister gesê het . . . Ek het vir hom gesê, ek het gesê: "Miskien is my grammatika nie te goed nie."

Gesê: "Wel ek sê jou. Die mense let nie op nie. Ek dink nie hulle gee vreeslik aandag daaraan nie." Huh.

130 Daardie broers wat daarbo uit Pinkster uitgekom het, hulle was oortuig dat Hy al was wat hulle nodig gehad het, en hulle was oortuig dat dit al is wat die mense nodig gehad het, was Hy. Ek ek's oortuig van dieselfde ding. Ek's nie oortuig . . . Hulle sê nie net vir my ek moet beter praat, en moet *dit* doen, en *dat* doen, en beter hê . . . stilstaan agter die preekstoel om te maak . . . Dis sielkunde.

131 Julle sê: "Wel, die beter klas mense woon by." God se klas sal dit bywoon. Hy werk aan beide kante van die lyn. Ek's oortuig dat die mense nie 'n yslike, groot, lang string van *dit*, *dat*, of die *ander* nodig het nie. Ek's oortuig, want ek weet wat dit vir my gedoen het, ek's oortuig dit sal dieselfde vir hulle doen. Ja, meneer. Ek's oortuig dat Hy al hulle behoeftes sal bevredig. Ek's oortuig dat Hy al die ander se behoeftes sal bevredig.

132 Ek het hier nie lank gelede nie, gelees van Hudson Taylor. Baie van julle het al van hom gelees, die groot sendeling na China. Daar het eendag 'n jong man na hom toe gekom, omtrent . . . seun, omtrent veertien, vyftien jaar oud. Hy het gesê: "Mnr. Taylor, ek glo ek het 'n roeping in my lewe om 'n prediker te wees. Wanneer ek omtrent vyf-en-twintig jaar oud word," het hy gesê: "weet jy wat? gaan ek kom, om by jou skool aan te sluit, en ek wil leer."

Mnr. Taylor, het die Christenheer, gesê: "Seun, moenie wag tot die kers halfpad uitgebrand is nie. Gaan wanneer dit aangesteek word."

Dis reg. Jy het nie opleiding van *dit* en opleiding van *dat* nodig nie.

Jy sê: "Wel, die kers is nog net aangesteek."

Ja, wanneer dit aangesteek word.

"Wel, ek ken nie enige teologie nie."

Jy hoef nie te ken nie. Gaan vertel hulle hoe dit aangesteek is. Miskien sal dit hulle aansteek.

133 Wat ons nodig het, is 'n kers-aansteek-tyd, die krag van die Heilige Gees, in plaas van soveel van hierdie mensgemaakte dogma, teologiese opleiding. En ek's oortuig dis wat die mense nodig het. Of hy nou . . . sy ABC's ken of nie, of hy boontjies van gesplete koffie kan onderskei, as hy net daardie kers sal laat

aansteek, sal God vir die res daarvan sorg. Dis reg. Ek's oortuig dat dit al is wat hy nodig het.

134 Die blinde man vir wie Jesus genees het, hy kon nie daardie priester se teologie betwis nie. Hulle het gekom, al die priesters rondom, gesê: "Jy weet, hier's Dr. *So-en-so*. Jy behoort aan 'n sekere kerk." Hy kon nie hulle teologie betwis nie. Hulle het gesê: "Wel, ons weet hierdie man is 'n sondaar. Ons weet hy is. Hy stem nie saam met ons lering nie. Wat doen hy? Hy mislei ons mense. Hy lei hulle van die pad af. Ons weet hy's 'n sondaar." Broer, hy kon nie teologie betwis nie, maar hy was beslis oortuig dat hy kon sien. Dis reg.

135 Ek dink dis die hoofsaak vandag. Ek kan julle nie sê waar ek behoort te wees, en waar ons . . . jy moet *dit* wees, of *dat* wees nie; maar ons is beslis oortuig dat ons iets het. Soos die ou gekleurde dame gesê het, gesê—gesê: "Broer, ek—ek wil 'n getuienis gee."

"Ja, gaan voort, suster."

136 Sy het gesê: "Weet jy wat?" Gesê: "Ek—ek—ek is nie wat ek moet wees nie," sy het gesê: "en—en—en—en ek is nie wat ek wil wees nie." Maar sy het gesê: "Een ding weet ek verseker, ek is nie wat ek was nie."

137 So ek dink dis baie goed. Ek's—ek's nie wat ek wil wees nie. Ek's nie wat ek moet wees nie. Maar ek weet ook ek is nie wat ek was nie. Dis reg. Hoekom? Ten minste is die kers aangesteek. Amen.

138 Dawid, wel, hy was die kleinste een in die—daar in die leër daardie dag, klein rooierige kêreltjie. Hy was die mees onopgeleide. Maar hy was oortuig dat die God wat hy gedien het, dat hy 'n ondervinding gehad het, dat hy 'n leeu kon doodmaak wat op hom afgestorm het, hy 'n beer kon doodmaak wat hom probeer doodmaak het. En hy was oortuig as daardie onbesnede Filistyn amok gemaak het onder sy God en sy leër, "Hy in staat was om hom in my hande oor te gee." Amen. O, goeiste!

Saul het gesê: "Wag 'n oomblik, seun. Ek sal jou 'n bietjie opleiding gee. Ek sal jou 'n Baccalaureus Artium graad gee binne 'n paar minute. Probeer my skild."

139 Dit het net die kleintjie belemmer. Hy het gesê: "Haal die ding af." Hy het uitgevind dat sy kerkbaadjie nie getref het . . . 'n man van God gepas het nie. Hy het gesê: "Laat my gaan op die manier wat ek al vantevore gegaan het." Dis reg.

140 O, as hierdie kerk vandag in Louisiana sal gaan, op die manier waarop dit vyftig jaar gelede begin het, sal julle elke duiwel doodmaak wat voor julle kom. Dis God se belofte. Julle moet, oortuig wees dat Christus met julle is. Julle moet oortuig wees, dan is julle besorg oor ander.

141 Simson is ontmoet op die . . . buite op die veld deur 'n duisend Filistyne. Hy het gekyk. Hy het niks in sy hand gehad nie. Net

'n klein, krul-haar dwergie, omtrent soos *dit*, sewe lokkies wat teen sy rug afhang. En hier kom 'n duisend Filistyne om hom geswerm.

142 Hy het gekyk. Hy het nie tweegevegte geveg nie. Hy het geen Baccalaureus Artium, of geen Ph.D., of LL.D. gehad om te weet hoe om die situasie te hanteer nie. Maar hy het hieragter gevoel, hy het steeds die belofte gehad. Toe was hy oortuig. Was nie opgelei nie, hy was oortuig dat God met hom was, want hy het die bewys gehad wat reg rondom hom gehang het.

143 O, God. Ek wens ek kon iets doen. Wens ek kon . . . het dit in 'n emmer gehad, ek dit teen almal se nek kon afgooi, en sê: "Maak dit vol. Hier is dit. Maak dit vol." Huh? O, ja.

144 Oortuig en dan besorg oor sy mense. Moses, 'n weg-hol profeet, hy het alle hoop laat vaar. "O, Israel sal nooit verlos word nie. Dis iets wat mamma vir my vertel het." Maar hy het dit self probeer doen. Dis wat die kerk probeer doen, om al die Eenheid Drie-eenheid te probeer maak, Drie-eenheid Eenheid te maak, Kerk van God *So-en-so* te maak, en Metodiste Baptiste te maak. Julle sal dit nooit doen nie. Wat doen julle? Dis net dis—dis sielkunde, 'n verandering van gedagte. Wat is in die hele klomp, waar sien julle vir God in die hele ding?

145 Dis die rede. Dis die rede waarom hulle ook nie oortuig is nie. Hulle is oortuig hulle is 'n denominasie, maar hulle is nie oortuig God is met hulle nie, of hulle sou nie opgetree het soos hulle het nie. Hulle sê hulle doen, maar hulle woorde . . . hulle aksies spreek harder as woorde. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken, of hulle belydenis nou reg is of nie. Sê hulle glo God, dat Hy 'n groot God is, Hy dieselfde God is, en ontken Sy Woord. O, goeiste! Sê dit was vir 'n ander dag. Dis onsin.

146 Moses, hy moes oortuig word. Hy het geen ondervinding gehad nie, tog was hy—was hy 'n groot man. Hy was 'n kryger. Hy het gedink deur daardie opleiding wat hy gehad het, hy het 'n Egiptenaar doodgemaak, bietjie grond oor hom geskop, gesê: "Ek sal dit doen." En die eerste klein beproewinkie wat gekom het: "Dae van wonderwerke moet verby wees." En uit in die woestyn het hy gegaan.

147 Maar eendag het God daardie weg-hol profeet gevang. Hy het bos sien brand. Hy het gesê: "Ek het dit 'n rukkie lank staan en dophou, dit het nie afgebrand nie." Nader gestap daaraan, gesê: "Dis 'n vreemde bos. Ek wonder watter soort chemikalieë gesproei is op daardie blare, net aanhou brand."

Die Stem het gesê: "Moses, trek uit jou skoene."

"Ja, Here." Hier kom hy.

148 Gesê: "Hoekom het jy belangstelling verloor? Ek het die jammerklagte van My volk gehoor. Hoekom het jy van hulle af weggehardloop? Hoekom het jy jou pos verlaat? Ek het die

jammerklagte van My volk gehoor. Ek onthou My Woord wat Ek hulle vader Abraham belowe het."

149 Ons het nog 'n Moses nodig. Moses was ten volle oortuig. Hy was so oortuig dat hy die volgende dag sy vrou op 'n muil gesit het, en 'n kleintjie op haar heup, en hier het hy afgegaan na Egipte vir 'n een-man inval. Julle weet, wanneer jy oortuig is, laat dit jou vreemd optree vir die wêreld. Maar wanneer jy oortuig is, is jy oortuig. Sê: "Waarheen gaan jy, Moses?"

"Gaan af om te gaan oorneem." En hy het dit gedoen. Hoekom? Hy was oortuig dat dit God was.

150 Dis wat die probleem met ons Pinksters is. Hierdie seëning wat ons het, ons wonder partymaal. Dit—dis reg, mense. Ek probeer nie net, nou deur my tande praat nie. Dis reg. Ons optrede bewys dit.

Stop Moses. Sê: "Moses, wag—wag net 'n bietjie. Ek glo jy was verkeerd, meneer. Ek's 'n doktor van godsgeleerdheid."

"Kom uit my pad uit." Hy was ten volle oortuig. En toe hy oortuig is, toe was hy besorg om uit te voer wat God gedoen wou hê.

151 En ek is oortuig vandag dat ek my bes probeer om te doen wat ek dink God gedoen wil hê, is om hierdie Laodicese kerktydperk op te kap. Alleen gestaan by God, maar ek het probeer om my opdrag uit te voer. Ek het hulle nie gemeng nie. Ek het albei kante probeer vertel, en van elke kant af probeer trek, nie aan te sluit by enige van hulle nie, want ek's oortuig, en ek's besorg. Ek sien dit net hier in die Bybel. Ek sal nie durf waag om dit vir julle te lees nie, maar ek—ek weet dit. Julle almal weet dit self.

152 Nou, let op, om oortuig te wees, en dan besorg te wees. En Moses was besorg toe hy die Stem van God met hom hoor praat het, en hy het geweet dis Skriftuurlik. Wanneer 'n man daar staan en kyk het na hierdie brandende bos, en 'n bonatuurlike Stem hom hoor roep het, en hom opdrag gee om net hier te staan met die Skrif, was hy ten volle oortuig.

153 En wanneer ons God enigiets sien belowe, julle dit sien plaasvind soos hierdie, sê julle: "Wel, miskien was dit so. Ek weet nou nie. Miskien is die Drie-eenheid reg. Miskien die Eenheid, miskien is die Metodiste reg." Julle is nog nie oortuig nie. Dis reg. Julle is nie oortuig nie. Julle moet oortuig word, dan is julle besorg.

Die volgende dag was hy op sy pad in aksie, op pad af na Egipte toe om te gaan oorneem.

154 Die Hebreeuse kinders in Babilon, hulle—hulle was oortuig dat God in staat was om hulle te verlos. Nou, luister baie goed. Hulle was oortuig dat God in staat was om hulle te verlos, en toe het hulle hulle posisie ingeneem.

Sien julle nou wat ek by julle probeer tuisbring?

155 Hulle het geweet Hy het 'n belofte gemaak vir hulle om nie te buig voor 'n beeld nie, dat Hy "die Here julle God" was, en hulle nie kon buig voor 'n beeld nie. Hulle was oortuig dat dit God se Woord was. Hulle was oortuig dat Hy in staat was, soos Abraham, om te hou by wat Hy belowe het. En dan as hulle oortuig was van God se Woord, was God besorg daaroor. Sjoe!

156 Weet julle wat ek bedoel? Kom terug na die Woord. Neem daardie voorskrif waarvan ek julle nou die aand vertel het. As julle oortuig is dis God se Woord, as julle oortuig is en weet dat Hy in staat is om dit weer te doen, Hy in staat is om vir ons nog 'n Azusastraat te bring, as julle oortuig is dat dit reg is oor Sy Woord, dan is God besorg oor Sy Woord wat vervul moet word. Maar ons is nog nie oortuig nie. Dis reg. Ons is nie. As ons was, sou daar iets plaasgevind het.

157 Julle sê. . . Hier—hier—hier's jou teiken. Jy het jou geweer, maar die hamer is plat. Trek, trek, trek; maar die hamer is plat. Raak oortuig, trek die hamer terug, en raak dan daaraan. Iets gebeur. Daar is vuur wat val. Sien, ons is nog nie oortuig nie.

158 Toe hulle oortuig was dat Hy in staat was om by Sy Woord te staan, en Hy gelewe het, en Hy Sy Woord sou bevestig, toe was hulle besorg. Dis nou dieselfde, waar as ons oortuig was dat Hy Sy Woord hou, as ons oortuig was dat God Sy Woord hou, is God oortuig om Sy Woord uit te voer in ons as ons besorg is daaroor.

159 Marta was oortuig toe sy daar uitgehardloop, en gesê het: "Here, as U net hier was, sou my broer nie gesterf het nie." Kyk. Nadat Hy haar geweier het, was sy soos die Griekse vroutjie: volhardhend. Ons is nie volhardend genoeg nie, want ons is nie genoegsaam oortuig nie.

Dankie vir julle geduld, maar wag nog net 'n klein bietjie langer, tot ek klaarmaak.

160 Sy was oortuig. Maak nie saak wat Hy gedoen het, en wat enigiemand anders van Hom gesê het nie, sy was oortuig dat die Skrif Hom deeglik identifiseer het as die Seun van God. En as Hy die Seun van God was, God wat deur die mense gewerk het. . .

161 As daardie vrou daar in die Bybel, die Sunammiet, haar baba kon ontvang omdat God was. . . daardie man volmaak geïdentifiseer het as 'n profeet, Elía, en as Hy in Sy profeet was, wat van Sy Seun? En Sy Seun was die God-profeet. So toe was sy oortuig dat dit reg was. Miskien toe sy die broodjies gemaak en die eiers gebak het, het sy daaraan gedink toe haar suster haar probeer bestraf het.

162 Let op. Nou, dink daaraan. Sy het uitgehardloop, en sy het gesê: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie. Maar ek's ten volle oortuig, ek's selfs nou ten volle oortuig, as U God vir vra, God U sal gee waarvoor u vra."

163 O, broer, as ons daardie Heilige Gees, wat nou onder is, op daardie manier kan aanvaar, ten volle oortuig, ten volle oortuig. Hoekom? Sy het Hom Homself sien identifiseer (die vrou van Nain se seun), en sy het geweet dit was so. Sy het dit geglo, tog was Hy 'n man. Tog, het sy dit geglo.

164 Dit was nie soseer Hy nie; dit was God. Hy was 'n God-man. Sy het geweet dat Hy gekwalifiseer was in die Skrif. Hy was Messias. God het dit bewys en bevestig deur Sy Woord. En soos—soos Hy gesê het: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My nie glo nie. Dis nie Ek nie. Dis My Vader wat in My woon. Hy doen die werk. Ek doen niks voor Ek Hom dit nie eers sien doen nie." Sien?

165 Sy was oortuig, en sy het gesê: "Here, al is hy dood, al is hy begrawe, al stink hy, maar selfs nou, as U vir God vra, sal God dit vir U gee."

166 Homself regop getrek, en haar 'n waarheid gegee wat nooit tevore van Hom gesê is nie: "Ek is die Opstanding-Lewe." Sien, sy het toe 'n punt bereik. Hy kon verder opbeweeg saam met haar. En wanneer die kerk 'n punt bereik, sal julle verder opbeweeg.

167 Soos ek gesê het van die vroue . . . Die man het vir my gesê, gesê: "Los daardie vroue uit oor hulle hare en sulke dinge, en hierdie mans oor hulle denominasies, ensovoorts." En gesê: "Hoekom—hoekom leer jy hulle nie om gawes te ontvang nie? Mense glo dat jy 'n profeet is."

Ek het gesê: "Ek maak nie daarop aanspraak om dit te wees nie."

168 Gesê: "Maar mense dink jy's so." Gesê: "Hulle glo dit." Gesê: "Ek glo, self." Gesê: "Hoekom leer jy hulle nie hoe om dinge te kry om God te help nie?"

Ek het gesê: "Wag tot hulle hulle abc's leer; dan sal ons hulle algebra leer." Dis reg.

En wanneer julle dit sal aanvaar! Marta: "Ek glo dat U die Seun van God is wat na die wêreld toe moes kom."

169 Gesê: "Ek is die Opstanding en die Lewe." O, sy kon . . . Sy het toe 'n openbaring gekry. "Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. Wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie. Glo jy dit?"

Sy het gesê: "Ja, Here." O, goeiste!

"Waar het julle hom begrawe?" Sy was oortuig dat Hy in staat was om dit te doen.

170 Jairus was oortuig dat, as Jesus Sy hande op sy siek dogter gelê het, dat sy sou gesond word, ongeag van wat sy kerk daarvan gesê het. "My dogtertjie is nou op sterwe. Kom net, lê U hande op haar. Ek's oortuig." Hy was soort van 'n geheime gelowige. "Lê U hande op haar, en sy sal lewe."

En toe het die boodskap gekom: "Sy's dood." Sy hart het begin spring.

171 Jesus was op Sy pad, gesê: "Het Ek julle nie gesê, as julle net sou glo, julle die heerlikheid van God sou aanskou nie?" Hy was oortuig. "Kom ons hou aan loop," ten volle oortuig.

172 Die Romeinse soldaat het, as 'n—'n Romein, herken dat dit God was. "Ek's oortuig dat U mag het oor elke duiwel. Ek's oortuig dat U die Seun van God is. Ek's nie waardig dat U onder my dak inkom nie. Maar as ek U net die Woord kan hoor spreek, is ek oortuig my dienskneg sal lewe." Amen.

173 God wees genadig. As 'n heiden dit kon verwag, en ten volle oortuig kon wees met wat hy gesien die Messiasskap van Jesus bewys het, en hy 'n Romeinse heiden, wat van 'n kerk, 'n Pinksterkerk wat vyftig jaar van werksaamheid gehad het en steeds nie oortuig is nie? Vyftig jaar in Louisiana, 'n uitstorting na uitstorting, en tog . . .

174 Daardie Romeinse soldaat, 'n heiden, het gesê: "Spreek net die Woord. Dis al wat ek wil weet, is wat die Woord sê." Ek gee vir julle die voorskrif. Dis wat die Woord gesê het. Is julle oortuig? Die Romein was besorg oor sy seun, en hy was oortuig as hy vir Jesus kon kry om die Woord te sê, en dit kan die Woord van God wees, dan was dit afgehandel. Dis reg. Hy was oortuig.

175 Die vrou met die bloedvloeiing, al het niemand dit nog ooit gedoen nie, maar sy was ten volle oortuig as sy die soom van Sy kleed aangeraak het, sou sy gesond word. Sy moes haar huis verlaat, swak. Hoe ek dit vir 'n oomblik kon demonstreer, verder afgaan en verby Brigham Young, en die res van hulle gaan, reg af deur daardie mense: "dae van wonderwerke is verby." Sy het tussen hulle bene deurgeklim, en deur hulle gedruk, haar arme, klein, swak liggaampie. En sy was ten volle oortuig. "As ek net kan . . . U hoef nie eers met my te praat nie. As ek Hom net op 'n manier kan aanraak, sal my bloedvloeiing stop." Sy was oortuig.

176 Die vrou by die put was oortuig Hy was die Messias toe hy daardie Skriftuurlike teken gesien het. Gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is." Nou, ons sluit af. "Ek sien dat U 'n profeet is."

Hy het geweet . . . Hy het haar vertel, gesê: "Gaan, kry jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie een nie."

Gesê: "Jy het vyf."

177 Sy het gesê: "Meneer, ek weet, ek is ten volle oortuig dat U 'n profeet is. Maar ons word geleer . . . Ons het vir honderde jare nie profete gehad nie, en ek weet dat U 'n profeet is. Nou, gaan ek iets uitvind. Ons weet dat, sover ons in die Skrif kan sien, is die volgende een wat moet kom, die Messias. En wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel. Nou, as U 'n profeet is,

gaan U vir my die waarheid vertel, want die Woord van die Here kom na die profeet toe. En ek sien U doen 'n teken. Dis 'n vreemde teken. Messias gaan daardie teken doen."

Hy het gesê: "Ek's Hy."

178 Sy was oortuig. Sy het Hom nie meer ondervra nie. Kyk. Dadelik het sy die waterpot neergesit, en was sy besorg dat iemand anders dit moes weet. Amen. Sy was oortuig. Wat? Sy het die Skriftuurlike teken gesien. En sy het gehoor daardie Man Wat sy geweet het 'n profeet was, en die Woord is saam met die profeet, en sy het geweet dit was die waarheid, dat Hy nie vir haar 'n leuen sou vertel nie. En hy . . . sy was oortuig dat Hy 'n profeet was, en sy het die Messiasteken gesien. En toe Hy vir haar vertel het dat Hy die Messias was, was dit genoeg. Sy was oortuig, en sy was besorg oor haar mense. Sy het deur die straat gehardloop en gesê: "Kom, kyk 'n Man. Die Man het vir my vertel wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie?" Sy was oortuig. Sekerlik.

179 Petrus was oortuig, wat op daardie stomp gesit het toe hy saam met Andreas gekom het, en Jesus vir hom gesê het: "Simon, jou pa, Jona." Hy was oortuig. Dit is nog nooit gedoen sedert die laaste profeet nie. Hy was oortuig dat Dit Hy was.

180 Filippus het gestaan en kyk daarna. "Goeiste, vreemd." Hy was oortuig. Toe hy oortuig was, was hy besorg. Hy het 'n broer daar oorkant gehad met die naam van Natánael. Hulle het die Skrif saam bestudeer. Hy was besorg dat Natánael iets daarvan moes weet.

Kyk na ons vandag. Omdat dit nie georganiseer is, of gegroepeer, of blink-gevryf op die manier wat ons dit wil hê nie, is ons nog nie oortuig nie.

Die bevestiging is God se Woord.

181 Filippus, ook 'n lidmaat van 'n kerk, maar hy was oortuig, en toe was hy besorg oor sy broer, so hy het soontoe gegaan en vir hom gesê: "Kom, kyk vir Wie ons gevind het: die Messias." En hy het langs met Filippus gepraat, of, dit was Natánael, langs die pad, en Natánael wou dit self sien. So hy het na die diens toe gekom. En toe hy na die diens toe gekom en gesien het dit word gedoen, was hy ten volle oortuig. Maar ons is nie. Nee, nee.

182 Die Pinksterbeweging van vandag is nog nie oortuig nie. Nee. As hulle was, sou hulle besorg gewees het. Julle is terug in die Fariseërfase: georganiseer, nie oortuig nie. As julle ten volle oortuig was, sou julle besorgd wees. Daardie Fariseërs, hulle kon sien en weet dat dit waar was, maar hulle was nie ten volle oortuig nie, want hulle leraars het hulle daarteen geleer. En dis wat die probleem vandag is, is, te veel Fariseërs, leraars, organisasie wat probeer om mense te laat wegdraai, omdat dit nie georganiseer is nie. Dis presies reg. Maar diegene wat een van hart is, sien dit.

183 Wil julle iets vra. Ek gaan 'n gedagtetjie hier inbring en julle sal dink dis Baptisties, maar dit is nie, dis die Bybel. Kyk. Daar was daardie goed-opgeleide geleerdes, wat na daardie teken gekyk het wat Hy gedoen het, en Hom 'n duiwel genoem het. Maar hier is 'n prostituut, maar *in* haar, het daardie voorbestemde saad van God gelê. Sy het nog nooit so-iets gesien nie. En sodra daardie Lig die saad getref het, het daar Lewe opgekom. Hoekom? Dit het Lewe daarin gehad van die begin af.

184 Dis die herfs van die jaar, die sade sterf en gaan terug in die grond in. Maar laat daardie son dit net tref. As die kiem van die lewe daar is, sal dit begin lewe. Hierdie vrou in haar verskriklike toestand wa-. . . sy was voorbestem. Haar naam is geplaas op die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld. En toe sy daardie Lig van God gesien ontspring het, kon niks haar keer nie, dit het begin Lewe.

Wanneer geleerde priesters, hulle gesê het: "Wel, hulle—hulle—dis heilige vader *so-en-so*."

Ek gee nie om wat dit is nie. Jesus het gesê: "Julle is van julle vader die duiwel en sy werke doen julle."

Daardie prostituut het gesê: "U moet die Messias wees."

En toe Hy vir haar gesê het Hy was, was sy oortuig. Wat? Daardie voorbestemde saad, toe die lig die eerste keer geskyn het, het sy dit herken.

185 En vandag, wanneer ons gaan (verskoon hierdie uitdrukking), en sien daardie werk van God, die Heilige Gees afkom en iets begin manifesteer, 'n voorbestemde saad wat daar sit, gryp dit. Jy kan dit nie van hom af wegneem met enigiets nie.

Die res van hulle sal weggaan en sê: "Wonder watter soort toertjie dit was? Moet een of ander soort kullery êrens daaraan wees."

Maar daardie voorbestemde saad vra geen vrae nie. Dis ten volle oortuig dat dit God is wat beweeg volgens Sy belofte in die Bybel.

186 'n Bietjie verder in die pad af, eintlik, as Azusastraat, behoort ons te wees. Die kerk behoort *hierbo* te wees. Hier het dit begin met 'n geween, en gehuil, en inkom na God. En dit het ver weggeval, en hier's iets *hierbo* wat die kerk bo moet wees om te ontmoet. Sien? Maar tog is hulle—is hulle nog nie oortuig nie. Sien? Dis hoekom dit nie besorg is nie. Dis reg.

Natánael, toe hy dit gesien het, was hy oortuig.

Ek sluit net nou af. Ek het nog verskeie hier wat ek wil, oor praat, maar ek gaan or my en jou praat vir 'n paar minute.

187 Wat van ons? Hier vier ons die vyftigste jaar van Pinkster in Louisiana. En eintlik, is tekens wat nooit gebeur het aan die begin nie, groter as hulle . . . is hulle nou groter. Dit was die breek

van die barre grond, om gereed te maak vir die regte waarheid om daarin gesaai te word. En toe iemand gekom het en die sade gesaai het, het julle dit georganiseer en die ding verdrink. Vleeslike nabootsings het opgekom om na te boots.

188 Weet julle nie dis die werk van die duiwel om julle oë te probeer verblind nie? Weet julle nie daar het vals Jesusse opgestaan voor die regte Christus gekom het nie? Dis net om weg te neem. Dis die duiwel wat probeer om die ding weg te kry. Dis dieselfde ding wat dit vandag was, wat julle probeer wegtrek. Mense met verkeerde vorms, en geloofsbelydenisse, en dinge, wat probeer naboots, hoe kan hulle dit doen? Die Bybel het gesê hulle sou, soos Jambres en Jannes Moses teengestaan het. Maar gesê: "Hulle dwaasheid sal gemanifesteer word."

189 Moses het een ding gehad om te doen: getrou te bly aan sy opdrag. En uiteindelik het die tyd gekom wat hulle hulle stokke neergegooi het en dieselfde ding probeer doen het. Toe het Moses se stok hulle ingesluk. Um-hum. Het julle ooit gedink waarheen daardie stokke gegaan het? Uh-huh. Hum. Goed.

190 Oortuig: wanneer ons oortuig is, dan gaan ons besorg wees. Maar ons sal kom, en die diens sal voortgaan, en Christus sal afkom, en bewys deur die Woord, en dieselfde ding doen wat Hy gedoen het; wys dat dit 'n dag is wat die kerk opgekap moet word in stukkies, want dit het Christus aan die buitekant, Hom reg uit hulle midde uit georganiseer soos daardie, Hom weggeneem van hulle af soos daardie, aan die buitekant staan, steeds besig om te klop.

191 Nou, dit lyk as Hy sou uitgekom het, Hy net sou weggaan. Maar nee, Hy staan steeds, en klop, soos Hy het in die dae van Noag, lankmoedig, nie gewillig dat enigiemand moet verlore gaan nie, maar dat almal tot bekering mag kom: staan, en klop, luister of Hy kan hoor, sal jy verwelkom? Nee, Hy het dit nie gekry nie.

192 Toe het Hy gesê: "Ek sal julle uit My mond uitspoeg." Reg. En julle sien die gekap van die Woord en die Gees. Julle sien die Heilige Gees afkom en dinge doen wat nooit geken is sedert die dae van die Here Jesus Christus en Sy dissipels nie. En ons sal sit, en daarna kyk en wegstap. Is ons regtig oortuig, of is dit brode en visse?

193 Jesus het hulle gevoed. Wie kon ooit brood skep, behalwe God? Dieselfde God wat brood uit die hemele gegee het, en dit daarop gereën het, hier was Hebreërs wat daar gestaan het, Hom daardie brood sien breek het en dit uitgee aan hulle soos daardie, brode vermeerder. Dieselfde bakker wat hulle in die Hemel gebak het, het hulle net hier op aarde gebak, en hulle vir hulle uitgedeel. Reg. En hulle het gesê: "Dis wonderlik. O, ek het nou 'n maagvol, Here. O, dit was 'n wonderlike diens."

194 Jesus het gesê: "Maar wag 'n bietjie. Ek het iets om vir julle te vertel: As 'n koringkorrel nie in die grond val nie . . . " Al hierdie preke, het Hy begin preek, en hulle teruggebring na die Woord.

Sê: "Aggg, dit—dis te moeilik om te verstaan. Ons wil niks meer daarvan hê nie." Hulle het begin, om weg te loop.

En party van Sy kerkmanne het gesê: "Nou, wie kan ons ooit kry om so-iets soos dit te glo? Ons sal ook maar gaan."

Hy het net gestaan en kyk na hulle.

Daardie twaalf, getroue klein groepie, soos 'n hoender wat by sy mamma staan, Hy het omgedraai, gesê: "Wil julle ook gaan?"

Petrus het gesê: "Waarheen sal ons gaan, Here?" Sien?

195 Het Hy hulle nie vertel, dat: "Ek julle geken het voor die grondlegging van die wêreld" nie? Dis Lig wat op daardie saad geskyn het. Daar's geen manier om dit weg te neem nie. Dis Ewige Lewe. "Ek sal aan hom die Ewige Lewe gee en hom oprig op die laaste dag. Almal wat Hy vooraf geken het, het Hy geroep; almal wat Hy geroep het, het Hy regverdig gemaak; almal wat Hy regverdig gemaak het, het Hy alreeds verheerlik. Niemand kan na My toe kom as My Vader hom nie roep nie, en almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom."

"Hoekom preek jy dan, Broer Branham?"

196 Ek weet nie wie hulle is nie; Hy weet. My besigheid is om Sade te saai. Ek weet nie waar Hulle val nie, maar ek saai Dit net. God bevestig. Waar Dit ook al tref, en tref soos *daardie*, begin Dit vinnig Lewe as Dit in goeie grond is. As Dit op rots is, kan ek dit nie help nie. Een of ander denominasionele fondasie, kan ek dit nie help nie. Enigste ding, ek sal net aanhou Sade saai. Ek weet Hy kom. Ek glo dit. Ek wil daarvoor lewe. Ek's oortuig dat Hy kom. Ek's oortuig dat Hy binnekort kom. Ek is.

197 Nog een woord, asseblief. Jesus was oortuig dat Hy sou opstaan op die derde dag. Kyk na Hom. Net een Skrif in die Bybel om dit te ondersteun, en dit was van 'n wat uiteindelik teruggeval het. Maar Dawid in die Gees . . .

Eendag het Hy gesê: "Wat dink julle van Christus? Wie se Seun is Hy?"

En hulle het gesê: "Hy's die seun van Dawid."

198 Hy het gesê: "Hoekom—hoekom het Dawid dan . . . " nou, neem die vleeslike deel weg, " . . . hoekom het Dawid, in die Gees, Hom Here genoem, deur te sê: 'Die HERE het aan my Here gesê, sit u aan my regterhand?'"

In Openbaring het Hy gesê: "Ek is die Wortel en die Nageslag van Dawid. Ek was voor hom; Ek's hy; en Ek's—Ek's nou."

199 Van toe af het hulle Hom niks gevra nie. Dit was te moeilik. Hulle het dit nie verstaan nie. Hulle teologiese opleiding het hulle nie daarby uitgebring nie. Dit kan nog steeds nie. Um-hum.

Hulle het dit vir 'n lang tyd probeer en kan dit nogsteeds nie verduidelik nie. Dit word net geopenbaar aan diegene aan wie dit geopenbaar sal word.

200 Jesus was ten volle oortuig. Hy het gesê . . . voor hulle uitgestap, en gesê: "Vernietig hierdie tempel, Ek sal dit oprig binne drie dae. Vernietig, doen wat julle wil daarmee. Ek sal dit weer binne drie dae oprig." Sjoe! Hoekom? Hy was ten volle oortuig. Hy het geweet Wie Hy was. Hy het geweet wat God belowe het.

201 O, as, soos, as ons ons naam daarin kan lees: "Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom; deur Sy belofte is ek gered; deur Sy Bloed is ek deel van Hom; deur Sy belofte sal ek weer opstaan in die laaste dae." Hmm?

202 Hy het geweet Hy was reg in die Skrif gelees. Hy het Sy posisie geken. Niemand hoef vir Hom enigiets daarvan te vertel het nie, al het Hy—Hy nie rondgegaan en daaroor gespog nie. Dit het gewys—dit het gewys wat Hy was.

203 Johannes het nie rondgegaan en gespog oor wat hy was, sy bors uitgesteek: "Ek's Dr. *So-en-so*, ek het *so-en-so*, nie." Nee, nee. Johannes het net uitgekom as 'n gewone man. Jesus het ook. Hulle werke het getuig wie hulle was. Dis reg. Hulle werke het dit gedoen. So Hy het nie dit gedoen nie. Hy het net rondgegaan, gesê . . .

Hulle het gesê: "Ons behoort hom te hang. Ons behoort hom uit ons midde te verwyder."

Hy het gesê: "Vernietig hierdie tempel, en Ek sal dit weer oprig, die derde dag." Uh-huh.

Wel, Hy het geweet Dawid het gesê: "Ek sal nie Sy siel aan die doderyk oorgee nie; Ek sal ook nie toelaat dat My Helige Een verderwing sien nie."

204 En hoe kan julle mense glo, of enigiemand glo . . .? Hoe kan die Katolieke kerk glo . . .? Baie van ons, die volmaakte geboorte, ons glo dit, maar wanneer dit kom by . . . Ons weet dat die Bloedsel van God af kom. Ons weet God het daardie Bloedsel geskep wat die maagdelike geboorte voortgebring het. Nie net die Bloedsel nie, maar Hy het ook die eier van die vrou geskep, want geen vlees is heilig nie. As dit die eier van Maria was, dan sou sy een of ander soort van 'n—van 'n sensasie moes gehad het om die eier af te bring. Maar sy het niks daarvan geweet nie. Net die Heilige Gees wat haar oorskadu het. As jy het, sien jy wat jy God aan 'n vrou sal laat doen het?

Glorie. Hy was God. "Ek sal nie My Heilige Een, Sy liggaam laat . . ." Hoe sou dit heilig kon wees deur seksuele begeerte? Ja, as dit so was, is ons almal heilig.

205 Daar is geen heilige mense nie. Daar is geen heilige berg nie, daar is geen heilige kerk nie. Dis 'n Heilige Gees, 'n heilige God

in 'n Kerk, op 'n berg. Nie heilige mense nie; heilige God in die mense. Daardie vlees was van God, God die Skepper.

206 Jesus was besorg. Hy het dit geweet, en oortuig dat Hy sou opstaan op die laaste dag, volgens die belofte van die Skrif. Ek sluit af deur dit te sê, dit word te laat, laat ek hierdie een ding sê en dan sal ek stop: Ek is ten volle oortuig dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Ek's ten volle oortuig dat Hierdie waarvan ons praat en hierbinne sien, die Heilige Gees is. Ek is ten volle oortuig.

207 Man het nou die dag gesê, hy het gesê, of, dit was 'n jong meisie, waarmee ek gepraat het, sy het gesê . . . Ek het gesê . . . Sy het altyd daar uitgegaan, aangetrek soos enigiets, en ek het met haar gepraat. Sy het mense gehad wat na 'n ander kerk toe gegaan het, veronderstel om 'n Christen te wees. Ek het gesê: "Skaam jy jou nie?"

208 Sy's: "Ag," gesê: "Mnr. Branham . . ." Haar kougom gekou soos *daardie*, en gelyk soos iets wat uit Afrika uit kom. Mag 'n mooi meisietjie gewees het, as sy aangetrek was soos 'n mens. En sy het daar gestaan, sy het gesê: "Mnr. Branham, natuurlik, daar, sien, jy's 'n middeljarige man. Sekerlik. Jy sal nie glo nie, maar ons is kinders."

209 Ek het gesê: "Kyk hier. Toe ek nog nie so oud soos jy was nie, was ek steeds oortuig dat Hierdie reg is. Ek het my hele lewe Daarop gespandeer. Ek wens net ek het 'n miljoen lewens gehad om Daarop te spandeer."

210 Ek's ten volle oortuig dat Jesus die Seun van God is. Ek is ten volle oortuig dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Ek's ten volle oortuig dat daardie Engel, wat afgekom het, waaroor ek met julle gepraat het, voor Hy ooit gekom het, het Hy dit bevestig, en gesê dat dit die waarheid is, en het dit bewys as die waarheid.

211 Ek's ten volle oortuig dat daardie skadu van die dood waarvan ek mense vertel het, en dit daar oorkant sien, die wetenskaplike kameras en dinge hierdie dinge bewys het. Ek is ten volle oortuig dat my Boodskap van God af kom. Ek is ten volle oortuig dis nie my eie vleeslike opgeblase verstand nie. Dis die Woord van God.

212 Ek's ten volle oortuig, absoluut oortuig, dat dit Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid is. Ek's ten volle oortuig dat Hy net nou hier is. Ek's ten volle oortuig dat Hy hierbinne gevestig het. Ek's ten volle oortuig dat Hy ons gebed sal beantwoord, as ons besorg, oortuig sal wees, en ons lewens sal oopmaak vir Hom. Kom ons buig ons hoofde.

213 Here, die konvensie is net omtrent gereed om af te sluit. Ons het U sien beweeg, Here. O, ons het U die heeltyd gesien. Ons het U al hierdie jare gesien. Ons sien U magtiger, die kerk wat

swakker word. Here, neem hierdie paar woorde, sal U, Here? Ek—ek kan nie meer daarmee doen nie, Vader.

214 Maar, o, ek's seker, Here, as hulle oortuig was, as almal oortuig was, sou daar nie enige stilte nêrens wees nie. Soos ons dierbare ou broer . . . Toe U die eerste keer U Gees uitgestort het in die vorm van die doop voor hierdie groot ampte ingebring was . . . Want dis nou die tyd. Die vyand kom in soos 'n vloed. U rig 'n standaard daarteen op.

215 Here, ek bid vir hulle. Laat hierdie paar woorde vanmôre op die harte van die mense val. Mag dit nie op klipperige grond val nie. Mag dit op goeie grond val, en die Lig van Ewige Lewe skyn op daardie voorbestemde Saad. Ek's seker Dit sal dit doen, Here. U het belowe, en vir ons gesê om hierdie te doen, en U sal vir die res daarvan sorg. En ek's seker Dit sal dit doen.

216 So ek vertrou dit toe aan U, vertrou hierdie gehoor toe aan U. Ek sluit myself in by hulle soos Moses het by sy mense. Here, ek's een van hierdie mense. God, ek het my heel beste probeer om eerlik te wees. U kan daarvan getuig. Ek het die waarheid gepraat, en U is my getuie deur dit te bewys. Ek het die waarheid gepraat.

217 Ek is lief vir hierdie mense, Here, hierdie Pinkstermense. Baie draai weg, Here. Denominasionele verskille neem hulle weg. Ek is lief vir hierdie Metodiste, Baptiste, wat hulle ook al is. Ek is lief vir hulle, Here. Ek's een van hulle. Asseblief, Here, ek bid vir elke siel. O God, laat die Lig vanmôre op die mense val, en mag hulle Dit sien.

218 Mag hierdie bandopname, soos dit oor die nasie gaan, om die wêreld, mag dit sy rusplek vind. Rig dit, Here, reg na waar daardie Sade lê. Ek weet nie waar hulle is nie. Maar wanneer hierdie Evangeliewaarheid, bevestig deur God, Daarop val, is ek seker dat Dit sal begin Lewe.

Hulle is Uwe, Vader. Ek vertrou myself toe aan U saam met hulle vir die werk van die Evangelie in die laaste dae. In Jesus' Naam. Amen.

. . . wil, Here!
U Eie wil met my!
U Pottebakker;
Met my die klei.
Vorm my en maak my
Net soos U wil,
Op u slegs wag ek,
Nederig en stil.

Kom ons buig ons hoofde en dink net daaraan.

Doen U . . .

Is julle oortuig? O, goeiste. Die Heilige Gees wat beweeg soos 'n Lig . . .

. . . die Pottebakker;
Met my U klei.
Vorm my en maak my
Net soos . . . (Nie my wil nie, Here, U wil.)
Op u slegs wag ek,
Nederig en stil.

Oortuig En Dan Besorg AFR62-1125M
(Convinced And Then Concerned)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 25 November 1962, by die Life Tabernakel in Shreveport, Louisiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2021 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org